NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

DRAMATIESE KUNSTE

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 120 punte

Hierdie nasienriglyne is voorberei vir gebruik deur eksaminatore en subeksaminatore, wat 'n standaardisering vergadering moet bywoon ten einde te verseker dat die riglyne konsekwent geïnterpreteer en toegepas word gedurende die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal nie enige gesprek of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Daar word besef dat daar verskillende sienings oor sekere sake van beklemtoning of besonderhede in die riglyne kan wees. Daar word ook besef dat sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardisering vergadering, daar verskillende interpretasies van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

IEB Copyright © 2024

AFDELING A 20STE-EEUSE TEATERBEWEGINGS – POSTMODERNE TEATER

VRAAG 1 DIE OPSTEL

In hierdie vraag moet jy na EEN van die volgende dramas verwys:

- ***Top Girls*** **deur Caryl Churchill OF**
- ***Angels in America Part 1: Millennium Approaches*** **deur Tony Kushner OF**
- ***For Colored Girls Who Have Considered Suicide/When The Rainbow Is Enuf*** **deur Ntozake Shange**

Hierdie vraag het ten doel om te ondersoek hoe die dramaturg verskillende perspektiewe binne die drama aanwend om 'n komplekse verkenning van die sentrale temas te skep. Daar word van kandidate verwag om te ontleed wat die dramaturg van hul gekose teks beoog om te bereik deur die sentrale temas en idees binne die drama te bespreek. Kandidate moet oorweeg hoe die dramaturg van hul gekose teks veelvlakkige of selfs teenstrydige sienings van die temas kan aanbied. 'n Goeie begrip van hoe karakters verskillende perspektiewe vergestalt, word vereis. Kandidate moet ondersoek hoe verskillende karakters binne die drama verskillende standpunte verteenwoordig wat met die sentrale temas verband hou. 'n Gedetailleerde bespreking van hoe die drama se struktuur die aanbieding en interaksie van veelvuldige perspektiewe vergemaklik, word vereis. Kandidate moet verduidelik hoe die keuse van struktuur deur die dramaturg sy/haar intensies/doelwitte met betrekking tot die kompleksiteit van die tematiese aangeleenthede fasiliteer.

Die opstel moet globaal volgens meriete nagesien word, maar kandidate moet al drie kolpunte behandel.

DRAMATURG SE INTENSIES/DOELWITTE

TOP GIRLS
• Churchill se intensie was dat *Top Girls* 'n feministiese kritiek van patriargale strukture en geslagrolle in die samelewing moet wees. Die drama verken die uitdagings waarvoor vrouens te staan kom op manlik-gedomineerde gebiede, die spanning tussen persoonlike ambisie en samelewingsverwagtings van vroulikheid en die kompleksiteite van vroulike verhoudings en solidariteit. • Deur op die ervarings van vrouens uit verskillende agtergronde en historiese tydperke te fokus, beklemtoon Churchill die veelvuldigheid van vrouens se stemme en die interseksionaliteit van geslag, klas en ras. • Churchill het *Top Girls* gedurende Margaret Thatcher se leierskap in die VK geskryf, en die drama weerspieël haar kritiek van Thatcheristiese beleide en die impak daarvan op vrouens en gemarginaliseerde gemeenskappe. • Deur karakters soos Marlene, wat die etos van individualisme en ambisie vergestalt wat deur Thatcherisme bevorder is, verken Churchill die teenstrydighede en ongelykhede van neoliberale kapitalisme. • Die drama ondersoek die mite van meritokrasie en die koste van opwaartse beweeglikheid in 'n samelewing gekenmerk deur klasseskeidings, sosiale ongelykheid. • Churchill verken temas van identiteit en egtheid in *Top Girls*, en nooi gehore uit om die gekonstrueerde aard van geslagsrolle en sosiale norme te bevraagteken.

IEB Copyright © 2024

- Deur karakters soos Marlene en Isabella wat die spanning tussen konformiteit en individualiteit navigeer, ondersoek Churchill die kompleksiteite van selfbepaling en selfuitdrukking in 'n veranderende wêreld.
- Die drama se gebruik van historiese en fiktiewe karakters onderstreep die vloeibaarheid van identiteit en die performatiewe aard van geslag, wat gehore uitdaag om hul aanname oor identiteit en egtheid te heroorweeg.

ANGELS IN AMERICA PART 1

- Tony Kushner, die dramaturg van *Angels in America Part 1: Millennium Approaches*, wou 'n emosioneel resonante werk wat tot nadenke stem, skep en wat 'n verskeidenheid sosiale, politieke en eksistensiële temas behandel.
- Sy intensie was om die impak van die VIGS-epidemie op individue en die samelewing te verken terwyl ook breër kwessies soos identiteit, godsdiens, politiek en die soeke na betekenis in 'n onseker wêreld ondersoek word.
- Kushner wou konvensionele norme en sienings uitdaag, 'n genuanseerde uitbeelding van karakters wat met persoonlike probleme en groter samelewingskragte worstel, bied.
- Deur sy skryfwerk wou hy nadenke en empatie ontlok en gehore aanmoedig om ongemaklike waarhede te konfronteer en betrokke te raak by komplekse morele dilemmas.
- Verder wou Kushner hê dat *Angels in America* 'n teaterervaring moet wees wat die grense tussen werklikheid en fantasie laat vervaag, deur elemente van magiese realisme en metafoor aan te wend om dieper waarhede oor die menslike toestand oor te dra.
- Sy intensie was in die geheel om 'n kragtige en veelvlakkige werk te skep wat gehore aanpor om te bevraagteken, empatiseer en uiteindelik hoop te vind te midde van teenspoed.
- Kushner vermy die didaktiese toon van 'n geskiedenisles deur historiese werklikhede by die ryk lewens van sy karakters in te weef, wat onthul hoe geskiedenis ontstaan in die daaglikse keuses van gewone individue.
- Kushner se intensie was nie om net 'n storie oor VIGS of politiek of godsdiens te vertel nie, maar die menslike ervaring te verken in al sy wanordelike, pynlike en soms hoopvolle kompleksiteit.
- Hy wou hê *Angels in America* moet 'n oordenking van 'n spesifieke oomblik in die Amerikaanse geskiedenis wees en 'n tydlose verkenning van liefde, verlies en identiteit.

FOR COLORED GIRLS

- Shange wou 'n platform verskaf vir Afro-Amerikaanse vrouens om hul ervarings, probleme en triomfe uit te druk. Die drama dien as 'n kragtige verkenning van die unieke interseksionaliteit van ras, geslag en identiteit.
- Shange wou stereotipes en wanvoorstelling van Afro-Amerikaanse vrouens teenwoordig in hoofstroommedia en literatuur uitdaag. Deur 'n diverse verskeidenheid karakters aan te bied, het sy probeer om weg te breek van eendimensionele uitbeeldings en 'n meer genuanseerde perspektief bied.
- Die drama vier die kompleksiteit en diversiteit van vrouens se ervaring. Deur die verskillende karakters beeld Shange 'n spektrum emosies, verhoudinge en uitdagings uit en beklemtoon dat daar nie net een narratief vir vrouens van kleur is nie.
- Die drama wou die interseksionaliteit van identiteit verken, wat erken dat die ervarings van Afro-Amerikaanse vrouens nie net deur ras gevorm word nie, maar ook deur hul geslag, klas en persoonlike geskiedenis. Die drama delf in die 'n gelaagde aard van identiteit.
- Die drama behandel kwessies soos trauma, mishandeling en samelewingsonder-drukking, en beoog om genesing en bemagtiging vir sy gehoor te gee. Shange wou 'n

ruimte vir katarsis en solidariteit gee deur stories van veerkragtigheid en oorlewing te deel.
- Shange wat 'n agtergrond in dans en poësie het, wou 'n nuwe vorm van uitdrukking skep wat poësie, dans en teater versmelt. Die term wat sy geskep het vir hierdie unieke genre is *choreopoem.* Die integrasie van hierdie elemente was bedoel om die werk se emosionele impak te verhoog.
- Die drama is stem ooreen met die beginsels van die Swart Kunsbeweging wat Afro-Amerikaanse kultuur deur verskillende kunsvorms wou vier en ophef. Shange se werk het 'n belangrike bydrae tot hierdie kulturele en kunsbeweging geword.
- Shange het gehoop dat die drama gesprekke aan die gang sou sit en begrip tussen gemeenskappe bevorder. Deur die stories van Afro-Amerikaanse vrouens te deel, het sy beoog om gapings in begrip te oorbrug en empatie te kweek.
- Shange wou vrouens bemagtig om hul waarheid te vertel en die uitdagings waarvoor hulle te staan kom konfronteer. Die drama se karakters navigeer verskeie kwessies en hul stemme daag gesamentlik samelewingsnorme en -verwagtings uit.
- Shange se intensie het gestrek tot inspirering van toekomstige geslagte van kunstenaars, veral vrouens van kleur. *For Colored Girls* het 'n seminale werk geword wat subsekwent geslagte skrywers, toneelspelers en aktiviste beïnvloed het.

KARAKTERS

TOP GIRLS

- In die beroemde openingstoneel bied Marlene 'n dinee aan waar historiese en fiktiewe vrouens uit verskillende tydperke vergader.
- Elke vrou verteenwoordig 'n ander faset van vroulikheid en samelewingsverwagtings.
- Deur hul gesprekke dekonstrueer hierdie karakters die idee van 'n verenigde feministiese ervaring.
- Hulle kom uit diverse agtergronde en het verskillende perspektiewe van geslag, mag en agentskap.
- Hul teenwoordigheid daag die idee van 'n enkele feministiese narratief uit en beklemtoon die kompleksiteit van vrouens se ervarings.

MARLENE

- Marlene kan geklassifiseer word as 'n voorbeeld van Thatcher se "topvrou", iemand wat streef om beter vir haarself te doen en 'n sukses van haar lewe, haarself, deur haarself, maak.
- Sy is 'n hooggeplaaste beampte by die Top Girls werkagentskap, 'n magtige individu danksy haar slim en geslepe aard. Marlene kon haar kollegas mislei en haar werkersklasagtergrond wegsteek, veral die feit dat sy 'n dogter het.
- Marlene het 'n lewe saam met haar dogter en familie opgeoffer om suksesvol in besigheid te wees en bewys dat vrouens nie aan die eise van patriargie hoef te voldoen nie.
- Sy is 'n loopbaangedrewe vrou wat sterk belê in vrouens se sukses in besigheid.
- Die drama ondersoek die rolle beskikbaar aan vrouens, veral in die 1980's, waar die drama afspeel. *Top Girls* wei sterk uit oor die koste van ambisie en verhoudings wat verbreek word as gevolg van mens se sukses.

JOYCE

- Joyce is 'n werkersklasvrou wat deur die feministiese beweging agtergelaat of gemarginaliseer is. Haar teenwoordigheid beklemtoon die interseksionaliteit van geslag met klas en ander sosiale faktore, wat die idee van 'n homogene feministiese ervaring dekonstrueer.

IEB Copyright © 2024

- Sy is Marlene se ouer suster maar hulle het baie verskillende leefstyle. Joyce het Angie, Marlene se dogter as haar eie kind grootgemaak omdat Marlene 'n loopbaan in Londen gevolg het.
- Joyce het 'n wrok teenoor beide Angie en Marlene, wat duidelik blyk uit die interaksies wat sy met hulle het.
- Joyce is 'n trotse vrou, sout-van-die-aarde-tipe wat baie waardigheid het. Sy weier geld van Marlene, maar voel ook bedreig dat Marlene enige oomblik Angie kan terugvat.
- Joyce is nie bang om te sê wat sy dink nie, anders as Marlene wat die skyn bewaar ten einde sukses in die lewe te behaal.
- Uiteindelik verteenwoordig Joyce die tipe vrou waarop Thatcher se "topvrou" trap om hul sin te kry. In die klassestryd verteenwoordig Joyce die "ons" en Marlene die skurkagtige "hulle". Marlene se keuses het 'n impak gehad op hoe Joyce haar lewe sou lei, en watter moontlikhede en geleenthede aan haar beskikbaar gestel sou word.
- Joyce is nie 'n slagoffer nie. Sy het baklei, verskeie werke gedoen om vir haar gesin te voorsien, 'n man met 'n dwalende oog uitgeskop en die stryd van wil en verstand tussen Marlene en Joyce in Bedryf 3, wys hoe slim en taai Joyce is.
- Sy is beslis 'n formidabele teenstander van Marlene en ons word voor die moontlikheid gestel dat sy ook groot sukses kon behaal het as sy nie agtergelaat is om 'n ander vrou se kind groot te maak en te werk om die gesin te onderhou nie.

ANGIE

- Angie, Marlene se susterskind, verteenwoordig die jonger geslag wat worstel met die nalatenskap van feminisme. Haar karakter dekonstrueer die idee van vooruitgang en lineêre vooruitgang in vroueregte.
- Ten spyte van grootword in 'n tyd van veronderstelde feministiese voordeel, sukkel Angie om haar plek in die wêreld te vind. Haar onsekerheid en verwarring weerspieël die beperkings van tweedegolf-feminisme en die voortdurende uitdagings wat vroue in die gesig staar om ware gelykheid te bereik.
- Churchill se karakterisering van Angie verteenwoordig 'n weggooikind, wat deur haar biologiese ma verlaat is en deur haar "ma" kwalik geneem word. Sy verteenwoordig egter ook die vergete bevolking van die tagtigerjare te wyte aan Thatcher en haar uitmergelende beleide asook die jongmense wat 'n gedestabiliseerde wêreld sal erf deur klasse-oorloë en die bedreiging van uitwissing (bv. die kernneerslag waaroor Kit en Angie in Bedryf 2 debatteer).
- Angie se eienaardige optrede, aggressiewe neigings en vrees om verlaat te word, weerspieël Churchill se frustrasie met seker aspekte van moderne feminisme. Sy kritiseer die klem op individualisme en selfbelang bo basiese empatie en sorg van ander, wat dikwels as swakhede beskou word in 'n samelewing wat deur mans oorheers word.
- Angie verteenwoordig die werkersklasgemeenskap van Thatcher se bewind in Engeland in die 1980's. Sy verteenwoordig 'n vergete klas van mense wat nie waardig genoeg geag is om voor te baklei nie of leiding te gee nie. Angie maak nie klaar met skool nie en deur die hele drama word sy verwerp deur wrede opmerkings van haar familielede, wat insinueer dat iemand van so 'n verarmde agtergrond nooit vêr in die lewe sal kom nie.
- Netsoos Thatcher bande met die werkersklasgemeenskappe van Engeland verbreek het, om op meer kapitalistiese pogings te fokus wat die reeds rykes sal bevoordeel, berus Marlene en Joyce hulle by die feit dat Angie nooit suksesvol in die lewe sal wees nie, en sy moet besluit om iemand se vrou te wees, wie haar ook al sal neem.

IEB Copyright © 2024

ISABELLA BIRD

- Sy is 'n werklike, negentiende-eeuse Skotse ontdekkingsreisiger, skrywer en natuurkenner. Sy is die enigste karakter by die aandete wat nooit kinders gehad het nie.
- Isabella was 'n onafhanklike vrou wat geluk deur haar eie geselskap en reise gesoek het eerder as deur die van 'n man.
- Deur Isabella in te sluit, wys Churchill hoe moederskap deur die geskiedenis beskou is, as 'n las. Onbelas deur die beheer van 'n man was Isabella 'n optimis en het altyd gesê wat sy dink.
- Isabella was altyd teenwoordig in 'n "man se wêreld" met haar reise en avonture en kan dus beskou word as iemand wat in staat is om ware sukses te behaal sonder die hulp van 'n man.
- Ten spyte van droewige gebeurtenisse, het Isabella vry gelewe, betrokke by tradisioneel manlike aktiwiteite soos verkenning en skryfwerk.
- Haar teenwoordigheid dien as 'n herinnering dat ware sukses nie net deur rykdom en mag gemeet word nie.

LADY NIJO

- Lady Nijo is 'n werklike dertiende-eeuse byvrou-wat-Boeddhistiese-non geword het.
- Lady Nijo is van geboorte af grootgemaak om 'n lewe van seksuele diens aan die keiser te lei. Oor die jare was Lady Nijo onderworpe aan seksuele en sielkundige mishandeling en enige vroulike kinders wat sy gebaar het, is van haar weggeneem sodat hulle eendag dieselfde lewe as hul ma sou lei.
- Aan die etenstafel onthou Lady Nijo die talle kere wat haar kinders van haar weggeneem is om nooit weer gesien te word nie. Sy gebruik soms lag om haar hartseer weg te steek.
- Churchill se uitbeelding van Lady Nijo wys hoe die hoër stande diegene onder hulle uitbuit en hoe die laasgenoemde se lewens dikteer word deur die wil van patriargale figure.
- Nijo is 'n karakter wat, soos Marlene, die bykomstighede waardeer wat verbinding met rykdom meebring. Haar dialoog in Bedryf 1 is vol verwysings na die pragtige klere wat die keiser vir haar gestuur het of wat sy self dra.
- Materiële gerief gee vir Nijo emosionele gemak asook iets tasbaars waaraan sy kan vashou en sukses behaal.
- Sy kom gevoelloos voor vir die gruwels wat sy verduur – verkragting, om deur die keiser aan ander mans 'gegee' te word, om haar kinders weg te gee.
- Eers later, wanneer sy dronk is en gekonfronteer word met Griselda se "gelukkige einde" om haar kinders terug te kry, sien ons hoe diep Nijo geraak is deur wat sy moes verduur. En tog het sy die krag om haar eie weg te baan.
- Na haar vader se dood respekteer sy sy wense om "'n heilige amp aan te neem", maar op haar eie manier, om 'n Boeddhistiese non te word en wyd per voet te reis.

DULL GRET

- Gret is die onderwerp van Dulle Griet, 'n Vlaamse Renaissance skildery deur Pieter Brueghel die Ouere.
- In die sestiende eeu was "Griet" 'n neerhalende naam wat aan 'n humeurige, platvloerse en vulgêre vrou gegee is.
- Sy word uitgebeeld as 'n ouer vrou wat tipiese huisvrouklere dra, lang rompe en 'n voorskoot, saam met gevegswapenrusting wat 'n groep vroue lei om Hel te plunder.
- In die skildery spot Breughel met vrouens wat aggressief en onverfynd is. Dull Gret, wat in 'n skildery as 'n gulsige vrou wat haar klere met goud en skatte vul, word ingesluit om die seksistiese uitbeelding te kritiseer en parallelle te trek tussen haar strewe na mag en Marlene s'n.

IEB Copyright © 2024

- Churchill se interpretasie van die skildery verskil van die van die kunstenaar, aangesien Churchill Gret se vasberadenheid om vir haar kinders op te kom, toon, en as 'n kameraad vir vrouens en 'n beskermer.
- Dull is verteenwoordigend van die werkersklas wat optree eerder as om woorde te gebruik.
- Aan die einde van Bedryf 1 het Dull Gret 'n onverwagse uitbarsting. Sy beskryf hoe sy gesien het hoe twee van haar kinders doodgemaak word. Hierdie afgryslikheid vuur haar woede aan en motiveer haar om die inval van die hel te lei. Sy het dit met geweldige krag gedoen om die "blikskottels terug te betaal" en die duiwels te straf wat haar familie seergemaak het.
- Haar stilswye tydens die ete staan in kontras met hierdie openbaring van die verlies van haar kinders in die oorlog, wat die diepte van haar lyding en haar moed toon om op te staan om vir haar kinders te baklei en hulle te wreek.

POPE JOAN

- Sy is ietwat van 'n legende, aangesien daar geen konkrete bewys is wat daarop dui dat sy bestaan het nie.
- Volgens die legende vermom Pope Joan haar as 'n man in die Middeleeue en het vir twee jaar as Pous regeer voordat haar ware identiteit onthul is.
- Pope Joan was magshonger en het haar vroulikheid verloën ter wille van sukses onder mans.
- Sy was so oortuig dat sy 'n man is dat sy nie eens besef het sy is swanger nie, totdat sy geboorte tydens 'n godsdienstige optog geskenk het.
- Beide Joan en haar baba is onmiddellik weggeneem en gestening. Joan se storie eggo die van Marlene se eie nastrewing om waarde in 'n "manswêreld" te vind, deur haar vroulikheid te verloën.
- Ons sien in die dood van Joan se baba en Angie se verplasing in die wêreld hoe hierdie afstanddoening hulle kinders beïnvloed het.

PATIENT GRISELDA

- Sy is 'n figuur uit Europese volksoorlewering en kom voor in die verhale van Chaucer en Boccaccio. Sy kom uit 'n boerefamilie wat gekies is om met 'n aantreklike en ryk markies te trou.
- Sy is weggevoer van haar familie en beveel om by haar man te bly wat niks ontsien het om haar gehoorsaamheid te toets nie. Hy het albei hulle kinders weggeneem as 'n toets van haar liefde vir hom.
- Ten spyte van hierdie behandeling het sy aan hom lojaal gebly.
- Churchill beklemtoon die lyding, trauma en pyn wat Griselda ervaar het ter wille van haar man se plesier en voordeel.
- Patient Griselda verdedig haarself nie en wil nie ongerief veroorsaak nie. Selfs wanneer dit by die bestelling kom, bestel sy net nagereg omdat die ander dit doen en vra net vir "kaas en beskuitjies".

KIT

- Kit, Angie se vriendin en buurvrou, word maklik ingetrek by die wrede woorde en gedagtes tussen haar en Angie, ten spyte daarvan dat sy net twaalf is.
- Dit weerspieël die manier waarop die ouer karakters, veral in die werkagentskap, met mekaar praat sonder toegeneentheid of selfs respek.
- Ten spyte hiervan voel Kit verplig om haar vriendskap met Angie te handhaaf, selfs al kritiseer sy Angie se gedrag en invloed openlik. Kit se lojaliteit aan Angie word egter duidelik wanneer Joyce sleg van Angie praat wat Kit dwing om haar te verdedig.

IEB Copyright © 2024

WIN

- Sy is een van die werknemers by die Top Girls werkagentskap onder Marlene.
- Sy is betrokke in verhouding met 'n getroude man en hoewel sy kan maak asof sy "die vrou speel" en dit lyk asof sy die verlokking van 'n tradisionele huis waardeer, en 'n opmerking maak oor die pragtige rose in die tuin van haar minnaar se huis, blyk dit nie haar einddoel te wees nie.
- Ons sien aan die einde van Bedryf 2 dat Win talle slegte verhoudings gehad het, wat haar verskillende kêrels finansieel ondersteun en dat sy voorheen met 'n man getroud was wat tronk toe gestuur is.
- Win het vroliker as Nell voorgekom en later in die Bedryf Angie welwillend behandel toe sy aangekom het. Sy het ook meer geamuseerd as jaloers voorgekom deur Marlene se bevordering en sukses.
- Win is geleerd, slim en het ambisies vir haar eie toekoms.

NELL

- Sy is nog 'n werknemer by die Top Girls werkagentskap.
- Sy is bly dat Marlene die bevordering gekry het, eerder as Howard, maar sy het haar eie loopbaanambisies en sou dalk 'n werk wou vind met beter vooruitsigte.
- Sy het 'n kêrel, Derek, wat haar gevra het om met hom te trou, maar sy weet nie of sy ja gaan sê nie.
- Dit lyk asof haar loopbaan belangriker vir haar is as die idee van 'n huwelik.
- In die drama voer Nell 'n onderhoud met Shona, wat volgens Nell goed vir die Top Girls werkagentskap kan wees.
- Nell is teleurgesteld toe sy uitvind Shona het oor alles in haar aansoek gejok.

JEANINE

- Sy is 'n jong vrou wat die Top Girls werkagentskap besoek en Marlene voer 'n onderhoud met haar.
- Sy wil meer geld verdien, want sy is besig om vir 'n troue te spaar, maar sy wil ook werk kry wat haar opgewonde maak: sy voel aangetrokke tot reklame of iets te doen met reis, wat 'n aanduiding is dat sy haar eie identiteit as 'n suksesvolle sakevrou wil vorm, verder as vrou en moederskap.
- Marlene raai haar af om familie bo werk te prioritiseer en waarsku haar om nie haar planne vir die huwelik te bespreek nie, aangesien die moontlikheid om kinders te hê haar vooruitsigte om werk te kry, kan verminder.

LOUISE

- Sy is 'n vrou met wie 'n onderhoud by die Top Girls werkagentskap gevoer is, wat oudersomsdiskriminasie in haar werksoektog ervaar.
- Ten spyte van haar jare se ervaring voel Louise sy word oor die hoof gesien en is gefrustreerd deur die sukses van jonger, minder ervare mans.
- Sy reflekteer die diep gewortelde patriargale stelsels in die werkplek. Sy ken haar waarde en weet sy sal gemis word wanneer sy weg is.

SHONA

- Sy is 'n jong vrou wat vir 'n onderhoud met Nell by Top Girls werkagentskap kom en jok oor omtrent alles op haar CV, wat haar sukses oordryf en haar ouderdom opjaag ten einde meer suksesvol en wêreldwys voor te kom.
- Sy word egter vir die eerste paar minute van die onderhoud ernstig deur Nell opgeneem, aangesien sy die genadelose taal en sentimente van "ek is nie baie gaaf nie", "ek handel af" gebruik, wat haar respek by die agentskap gee – die taal van die "nuwe vrou". Nell, vir 'n oomblik voordat sy besef Shona jok, beskou Shona as "een van hulle" en oorweeg

IEB Copyright © 2024

dit selfs om haar in gedagte te hou vir 'n potensiële pos by die agentskap, "sou iets opkom".

MRS KIDD

- Mrs Kidd is Howard se vrou, die man wat nie die bevordering as Besturende Direkteur gekry het nie, wat aan Marlene gegee word.
- Mrs Kidd gaan na Marlene se kantoor en probeer haar oortuig om die bevordering van die hand te wys.
- Mrs Kidd hoop Marlene sal verstaan hoe baie dit Howard se trots en bewensonderhoud sal knou.
- Haar woede oor Marlene se weiering om aan die versoek te voldoen, toon hoe Mrs Kidd die patriargale denkwyse aangeneem het: Mrs Kidd: "You're one of those ball-breakers… You're not natural."
- Ons verstaan haar ook in 'n mate, aangesien sy haar lewe aan die tradisionele rol van 'n ma en 'n vrou gewy het, en Howard wat nie die bevordering gekry het nie affekteer haar eie status en sukses.

ANGELS IN AMERICA PART 1

In *Angels in America Part 1: Millennium Approaches*, speel verskeie karakters deurslaggewende rolle, elkeen verteenwoordig verskillende aspekte van die samelewing en worstel met persoonlike probleme in die aangesig van groter sosiale en politieke kragte:

PRIOR WALTER

- Prior is 'n jong gay man wat VIGS het, wie se diagnose die sentrale narratief aan die gang sit.
- Hy verteenwoordig veerkragtigheid en trotsering ondanks siekte en samelewingstigma.
- Sy reis verken temas van sterflikheid, liefde en die soeke na betekenis.

LOUIS IRONSON

- Louis is Prior se kêrel wat met skuldgevoelens en vrees worstel nadat hy Prior gelos het na sy VIGS-diagnose.
- Hy vergestalt die kompleksiteite van persoonlike verantwoordelikheid, politieke aktivisme en spanning tussen selfbehoud en lojaliteit.

JOE PITT

- Joe is 'n geslote Mormoon wat vir konserwatiewe prokureur, Roy Cohn, werk.
- Hy worstel met sy seksualiteit, identiteit en botsende begeertes, verskeur tussen samelewingsverwagting en persoonlike vervulling.
- Joe se interne worsteling weerspieël groter konflikte en skynheilighede in die samelewing.

HARPER PITT

- Harper is Joe se vrou wat met eensaamheid, verslawing en geestesgesondheid sukkel.
- Haar hallusinasies en fantasieë dien as 'n metafoor vir die gebreekte werklikheid van die karakters se lewens en die breër sosiale landskap.

ROY COHN

- Roy is 'n werklike historiese figuur en 'n magshonger prokureur wat invloed in politieke en regskringe uitoefen.
- Hy verteenwoordig korrupsie, skynheiligheid en magsmisbruik.
- Sy stryd met VIGS en sy ontkenning van sy eie seksualiteit beklemtoon die gevolge van sy dade en sienings.

IEB Copyright © 2024

HANNAH PITT

- Hannah is Joe se ma, 'n toegewyde Mormoon wat sukkel om haar godsdiensoortuigings smet haar liefde vir haar seun en haar ontwikkelende begrip van die wêreld te versoen.
- Sy verteenwoordig deernis, empatie en die potensiaal vir persoonlike groei en aanvaarding.

BELIZE

- Belize is 'n verpleër en voormalige fopdosser wat sorg vir albei Prior en Roy verskaf.
- Hy bied wysheid, humor en insig in die ervarings van gemarginaliseerde gemeenskappe en dien as 'n stem van rede en medelye te midde van chaos en lyding.

FOR COLORED GIRLS

- Die uitvoerders van die gedigte is nie unieke karakters nie, maar neem verskillende swart, vroulike identiteite in die aparte gedigte aan.
- Die dame getooi in blou verteenwoordig 'n gemengde ras-erfenis, met haar pa wat glo dat hy Puerto Ricaans is. Sy beskik oor 'n basiese begrip van die Spaanse taal en het 'n diep liefde vir dansgenres soos mamba, bomba en merengue. Op die ouderdom van sestien het sy weggeloop in die hoop om Willie Colon by 'n dansmarathon raak te loop, net om te besef haar liefde vir hom het selfs haar passie vir musiek oortref.
- Boonop identifiseer die dame in blou met die gedig "abortion cycle #1", wat die aangrypende ervaring uitbeeld van 'n jong vrou wat in isolasie 'n aborsie ondergaan en dit versteek van die medewete van ander.
- Deur haar derde stuk, getiteld "I used to live in the world", skilder sy 'n helder prent van die versmorende grense van Haarlem, wat uit net "ses blokke" bestaan, waar die konstante bedreiging van seksuele aanranding oor selfs die mooiste vroue hang.
- Die gedig neem 'n onverwagse wending aan wanneer die dame in blou tydelik die rol van 'n agtervolgende man aanneem, wat die dame in oranje bekruip.
- Laastens, vertel sy die gedig "sorry", wat haar toenemende frustrasie met die leë verskonings wat deur mans aangebied word, oordra. Sy beskou hulle as ontdaan van ware betekenis.
- Die dame in bruin begin en eindig die drama, en geklee in die een kleur wat nie in 'n reënboog voorkom nie, staan sy uit onder die ander. Die dame in bruin neem aan 'n paar van die gedigte deel en sê die gedig "Toussaint" op. Omdat sy in bruin geklee is, mag sy die swart vroulike "elkevrou" verteenwoordig.
- Die dame in groen voer die gedig "Sechita" grasieus deur dans op, terwyl die dame in pers die gepaardgaande storie vertel. Sechita, in die narratief, ondergaan 'n psigologiese transformasie, wat haar mag terugeis en die grinterige gebied van die Natchez, Mississippi karnaval te bowe gaan. Deur haar gesig onbeweeglik te maak, wat aan Nefertiti herinner, neem sy die persona van 'n Egiptiese godin aan, en roep die gees van mans op, wat simbolies munte tussen haar bene aanbied. Eerder as om toe te laat dat sy deur hulle besit word, oefen sy bemiddeling en beheer uit.
- Boonop deel die dame in groen die emosioneel gelaaide gedig met die titel "someone almost walked off wid alla my stuff". In hierdie stuk erken 'n vrou die gevolge daarvan om haar aandag uitsluitlik op 'n man te vestig, en besef dat dit daartoe gelei het dat sy kwesbaar en sonder ondersteuning gelaat is weens haar eie persoonlike nalatigheid. Sy smag daarna om haar vereelte voete terug te eis, wat veerkragtigheid simboliseer; haar vinnige taal, wat selfgeldendheid verteenwoordig; en haar fantasierige soen, wat spontaneïteit en speelsheid vergestalt.
- Die dame gehul in oranje neem die rol aan van die agtervolgde aan vrou in die gedig "i used to live in the world".
- Verder, in 'n aparte stuk worstel sy met selfdefinisie, en verwerp die etiket van 'n gekleurde meisie en omhels eerder beskrywers soos 'n bose vrou, 'n feeks en 'n

neulpot. Sy besef egter dat, deur haar ras-identiteit te ontsê, sy sonder enige identiteit gelaat is.
- Die dame in oranje spreek haar hartseer en frustrasie uit oor die naasmekaarstelling van om jammer en gekleurd te wees, en vind dit oorbodig binne die konteks van die moderne wêreld.
- Die dame in pers smelt eers saam met die groep anonieme vrouens voordat sy vorentoe tree om die verhaal van Sechita te vertel, vertolk deur die dame versier in groen. Later vertel sy die storie van drie vriende wat deur een man die hof gemaak word, in die stuk getiteld "pyramid". In "no more love poems #2", druk sy passievol die begeerte uit om onvoorwaardelik lief te hê, en haar identiteit as 'n gekleurdemeisie te omhels.
- Uiteindelik bereik sy 'n beslissende punt van selfaanvaarding, en skud die idee van om simmetries en nie kwesbaar vir pyn te wees nie af, en omhels haar egte self as 'n swart vrou.
- Dit dui op 'n belangrike skuif wat die werklikhede van swart vroulike identiteit erken en omhels, onbeswaard deur onbereikbare ideale.
- Die dame in rooi gedrapeer, neem die rol van verteller aan, en vertel die stemmingsvolle gedig getiteld "one". Hierdie gedig delf in die uitbeelding van 'n vurige blom wat in die landskap van suidwes Los Angeles blom.
- Die dame in rooi beskryf haar as 'n boeiende vrou, opsetlik aanloklik en koketterig, wat in verhoudings met mans betrokke is, net om hulle voor dagbreek weg te stuur. Sy dokumenteer haar ontmoetings in 'n persoonlike dagboek, maar vind troos in die stort van trane terwyl sy aan die slaap raak.
- Boonop deel die dame in rooi die hartverskeurende verhaal van Crystal in "nite with beau willie brown". Crystal se storie ontvou terwyl sy teësinnig instem om met Willie te trou, maar die situasie neem 'n tragiese wending toe hy hul twee kinders harthardig by 'n venster van die vyfde verdieping laat uitval.
- Die dame in rooi vertel hierdie pynlike verhaal en werp lig op die diepgaande emosionele angs wat Crystal verduur.
- Die dame in geel dra die gedig "graduation nite" voor en in 'n ander gedig "bein alive & bein a woman & bein colored is metaphysical: dilemma i haven't conquered yet", lewer sy 'n stelling wat die kernprobleem van die *choreopoem* opsom.
- Soos die ander spelers is die dame in geel nie 'n ten volle ontwikkelde karakter nie, maar een stem van baie in die gesamentlike ervaring van swart vrouens wat deur Shange uitgebeeld word.

STRUKTUUR

TOP GIRLS

- Die drama wend 'n nie-lineêre struktuur aan met tonele wat in 'n gefragmenteerde en nie-tradisionele tydlyn ontvou.
- Die drama skuif tussen verskillende tydperke en plekke. Die doel van hierdie tegniek is om konvensionele storievertelling uit te daag, en die gehoor aan te moedig om aktief betrokke te raak by die saamstel van die narratiewe legkaart.
- Bedryf 1 en 2 vind 'n volle jaar na Bedryf 3 plaas. Die struktuur bevat ook episodiese elemente in die onderhoudtonele van Bedryf 2.
- In *Top Girls*, verwerp Churchill die formule van 'n "goed gemaakte drama" en werk met 'n meer eksperimentele struktuur. Sy doen dit deur tegnieke soos:
  - 'n Gefragmenteerde, nie-lineêre struktuur
  - Verwerping van die konvensies van die goed gemaakte drama
  - Verwerping van 'n meesternarratief
  - Vervreemding van die gehoor

- *Top Girls* is nie 'n "geslote teks" nie – aangesien dit van 'n vaste tyd en ruimte afstand doen, veral in Bedryf 1. Die toneelstuk dwing die gehoor om hul begrip van wat hulle sien te heroorweeg, om krities te besin oor wat hulle sien, eerder as om passiewe kykers te word. Om nie te kan voorsien wat volgende kan gebeur nie, destabiliseer die gehoor en laat hulle ongemaklik voel.
- Deur tonele buite orde aan te bied, vereis die toneelstuk dat die gehoor aktief betrokke raak by die verbinding van die intrigelyne. Sommige kritici voer aan dat Churchill doelbewus die tradisionele 'goedgemaakte toneelstuk'-struktuur laat vaar as 'n protes teen die manlik-gedomineerde benadering tot dramaskryf.

ANGELS IN AMERICA PART 1

- Die toneelstuk gebruik 'n gefragmenteerde narratiewe struktuur, wat die onsamehangende en gefragmenteerde aard van menslike ervaring weerspieël.
- Die toneelstuk se gebruik van veelvuldige narratiewe drade, insluitend drome, hallusinasies en bonatuurlike gebeure skep 'n gevoel van ontwrigting en disoriëntasie.
- Gefragmenteerde narratief: 'n narratiewe struktuur wat tradisionele idees van lineariteit en koherensie vermy, maar eerder die onsamehangende en gefragmenteerde aard van menslike ervaring beklemtoon.
- Die toneelstuk se gebruik van gefragmenteerde narratief onderstreep die onstabiliteit van menslike identiteit en die kompleksiteit van menslike ervaring.

FOR COLORED GIRLS

- Die toneelstuk is 'n *choreopoem*, 'n term wat deur Shange geskep is om die kombinasie van poësie, dans, musiek en dramatiese monoloog te beskryf. Die werk word aangebied as 'n reeks onderling verbonde gedigte wat deur 'n rolverdeling van sewe vroue uitgevoer word.
- Die toneelstuk bevat sewe karakters wat elkeen 'n ander kleur van die reënboog verteenwoordig. Hierdie karakters deel hul stories deur individuele en kollektiewe stemme, wat 'n tapisserie van ervarings skep.
- Die gedigte word afgewissel met dansreekse en musiek, wat 'n vloeiende en dinamiese struktuur skep. Die *choreopoem* volg nie 'n lineêre narratief nie, maar weef eerder uiteenlopende stemme en perspektiewe saam.
- Die gebruik van kleure as simbole dra by tot die struktuur. Elke kleur verteenwoordig 'n ander aspek van die vroue se ervarings en dien as 'n metafoor vir hul stryd en triomf.
- Die *choreopoem* ontvou op 'n progressiewe wyse, met elke vrou wat haar storie onthul en 'n kollektiewe narratief van die Afro-Amerikaanse vroulike ervaring bou.

IEB Copyright © 2024

INHOUDRUBRIEK – 40 PUNTE

PUNT	/40	
A+ 90%+	36	Briljant, toon duidelike insig. Gebruik toepaslike akademiese register. Argument of bespreking lei tot 'n gevolgtrekking (nie los/onverwante stellings nie). Regverdig die antwoord met gepaste verwysing na die teks met voorbeelde uit die drama (verbande tussen die dramatiese beginsels word erken). Hou verband met die gegewe argument (antwoord is doelgerig en nie slaafse herhaling nie). Duidelike begrip van die werk. Baie goeie inleiding, uitstekende gevolgtrekking met 'n duidelike uiteensetting van argument/bespreking, sterk skakels en uitstekende paragrafering.
A 80%+	32	Uitstekend maar nie briljant nie. Gebruik toepaslike akademiese register. Argument/bespreking lei tot 'n gevolgtrekking, maar nie so goed gestruktureer soos 'n A+ nie. Regverdig antwoord met gepaste verwysing na die teks en/of voorbeelde uit die drama. Bring die antwoord in verband met die gegewe argument/bespreking (argument is doelgerig en nie slaafse herhaling nie). Duidelike begrip van die werk. Gefokusde inleiding en slot. Stewige paragrafering en 'n poging tot skakels.
B 70%+	28	'n Goeie opstel. Gebruik toepaslike akademiese register. Bring die antwoord in verband met die gegewe argument/bespreking (antwoord is doelgerig en nie slaafse herhaling nie). Ongebalanseerde fokus in die bespreking van die aspekte/elemente van die opstel (sommige aspekte kry meer fokus as ander). Regveldig antwoord met gepaste verwysing na die teks en/of voorbeelde uit die drama. Verstaan die werk. Goeie inleiding en slot. Stewige paragrafering en 'n poging tot skakels.
C 60%+	24	'n Gemiddelde opstel. Hou verband met die gegewe argument/bespreking, maar ontwikkel dit nie. Ongebalanseerde fokus tydens die bespreking van die aspekte/elemente van die opstel (sommige aspekte kry meer fokus as ander). Regverdig antwoord met verwysing na die plot. Verstaan die werk. Gemiddelde inleiding en gevolgtrekking wat fokus op die onderwerp/vraag. Voldoende paragrafering en geen poging tot skakels nie.
D 50%+	20	Hou verband met die gegewe argument/bespreking, maar is gebrekkig en/of ongegrond. Ongebalanseerde fokus in die bespreking van die aspek/elemente van die opstel (sommige aspekte kry meer fokus as ander). Regverdig antwoord met verwysing na die intrige en/of uitvoering. Redelike goeie kennis van die werk. Deurmekaar inleiding en gevolgtrekking wat vaagweg probeer fokus op die onderwerp/vraag. Voldoende paragrafering en geen poging tot skakels nie.
E 40%+	16	Verstaan en probeer die onderwerp, maar argumente/bespreking is gebrekkig en/of ongegrond. Gegorrel, veralgemenings en slaafse herhaling van kennis sonder om dit met die vraag in verband te bring. Regverdig antwoord met verwysing na die plot. Geen poging tot 'n gefokusde inleiding nie en die gevolgtrekking herhaal bloot die vraag. Swak paragrafering. Geen poging tot skakels nie.
F 30%+	12	Fokus slegs op een aspek van die vraag. Bespreking van elemente is baie yl. Uitdrukking swak, min struktuur. Kennis swak. Geen inleiding of gevolgtrekking nie. Swak paragrafering. Geen poging tot skakels nie.
FF 20%+	8	Swak. Swak begrip van drama en inhoud. Fokus slegs op een aspek van die vraag. Uitdrukking swak, min struktuur.
G 10%+	4	Min kennis, geen argument nie. Uitdrukking swak, geen struktuur nie. Min of geen poging om die vraag te beantwoord nie.
H 0%+	0	Antwoord hou nie verband met die vraag nie. Geen poging om die vraag te beantwoord nie.

IEB Copyright © 2024

AFDELING B SUID-AFRIKAANSE TEATER (1960-1994)

VRAAG 2 DRAMAS IN KONTEKS

In hierdie vraag moet jy na EEN van die volgende dramas verwys:

- ***You Strike the Woman, You Strike the Rock*** **deur the Vusisiswe Players OF**
- ***Woza Albert!*** **deur Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon OF**
- ***Sophiatown*** **deur The Junction Avenue Theatre Company**

Let wel: Jy moet slegs EEN van bostaande tekste kies en al die antwoorde vir hierdie vraag moet op jou gekose teks gegrond word.

2.1 **Kandidate moet TWEE geldige doelwitte van Protesteater verskaf. Nasieners moet enige geldige doelwit aanvaar en 1 punt per doelwit toeken. Hieronder is 'n riglyn van moontlike antwoorde.**

- Die dramas beoog om 'n bewustheid van sosio-politieke probleme te skep.
- Hulle beklemtoon aktuele kwessies.
- Hulle voed gehore op oor probleme in die samelewing.
- Hulle wil 'n tipe sosiale hervorming bewerkstellig.
- Die dramas is bedoel om kragdadig te wees.
- Beoog om die gehoor te mobiliseer.
- Die dramaturge wou hê dat die gehoor emosioneel aan die karakters verbind sodat hulle ontroer sal wees deur wat hulle aanskou het en verandering teweegbring.

2.2 **Kandidate moet TWEE geldige ontwikkelde punte verskaf wat die "sameswering van stilte" verduidelik OF VIER basiese punte rakende wat dit beteken. Hieronder is 'n riglyn van moontlike antwoorde. Merkers mag krediet gee vir verwysings/voorbeelde vanaf die toneelstuk. Merkers mag inhoud erken wat na die 1950's sowel as die 1980's verwys.**

- Dit beskryf die manier waarop baie nasies en instellings, insluitend Suid-Afrika self en instellings binne Suid-Afrika, die gruweldade van apartheid in Suid-Afrika as onbelangrik afgemaak of geïgnoreer het.
- Die Suid-Afrikaanse regering het aktief 'n narratief gepropageer wat homself uitbeeld as 'n verdediger teen kommunisme en 'n verskaffer van stabiliteit in die streek. Hierdie narratief het internasionale kritiek afgeweer.
- Die Suid-Afrikaanse regering het mediatoegang streng beheer, wat dit vir die buitewêreld moeilik gemaak het om die ware brutaliteit van die apartheidstelsel te sien.

IEB Copyright © 2024

2.3 2.3.1 **Behandel elke antwoord op sy persoonlike meriete. Nasiener moet enige geldige oomblik aanvaar.**

Kandidaat beskryf 'n gepaste oomblik akkuraat.	2 punte
Kandidaat verduidelik akkuraat hoe die karakter weerstand teen apartheid toon en hom/haar teen die apartheidsregering uitspreek.	2 punte

Hieronder is 'n riglyn van moontlike antwoorde.

You Strike
Sdudla is 'n karakter wat die sameswering van stilte aangaande die taktiek van die apartheidspolisie verbreek wanneer sy vertel hoe haar man in hegtenis geneem is. Die polisieman het geweier om 'n rede vir die arrestasie te verskaf. Haar man is tot 15 jaar op Robbeneiland gevonnis en is daarna daar dood. Sy onthul hoe die apartheidsregering verantwoordelik was vir die opbreek van haar gesin, aangesien haar seuns na haar man se dood weg is. Sy weet nie eens of hulle lewe of nie. Ten spyte hiervan verklaar sy dat "they can't destroy what's inside me". Sdudla onthul die brutaliteit van die apartheidspolisie, maar ook haar onbreekbare gees.

Woza Albert!
In die Albertstraat-toneel sê Morena vir Percy en Mbongeni om hul pasboeke weg te gooi en hom na Soweto te volg. Mbongeni skree dan vir die gehoor dat hulle nie stukkies papier of nommers is nie, maar dat hulle mans is. Hierdie oomblik vestig die aandag op die pasboekstelsel wat ontwerp is om beweging van swart mense tydens apartheid te beperk. Deur uitdagend te dreig om hul pasboeke weg te gooi, beklemtoon Mbongeni hoe onderdrukkend die stelsel was en hoe anderskleuriges tot nommers gereduseer is, hul menslikheid en hoe hul waardigheid van hulle gestroop is.

Sophiatown
Lulu werp lig op die Bantoe-onderwysstelsel wanneer sy weier om terug te gaan skool toe. Sy verduidelik hoe niks van waarde aan gekleurde kinders geleer word nie en dat dit alles bevooroordeelde inligting is. Sy noem hoe Engels slegs vanaf standerd ses aangebied word en dat die onderwys wat sy ontvang slegs vir sekere soorte arbeid is. Lulu ontbloot die besonderhede van die swak onderwys wat op anderskleuriges afgedwing word en hoe dit nog 'n vorm van die apartheidsregering se pogings is om hulle te onderdruk. Deur te weier dat sy terug skool toe gaan en die onderwysstelsel swak te noem, verbreek sy die sameswering van stilte. Merkers mag inhoud erken wat verwys na die 1950s en die 1980s.

2.3.2 **Hanteer elke antwoord op sy eie meriete. Hierdie vraag is kreatief en vereis persoonlike interpretasie en moet dienooreenkomsstig nagesien word.**

Kandidate moet spesifieke vokale keuses maak en hierdie keuses moet gepas wees vir die oomblik wat hulle beskryf het. Hulle keuses moet effektief wees om die gevoel van weerstand uit te lig. Kandidate mag krediet ontvang as hul die gevoelens of emosies van karakters noem. Kandidate mag vol punte kry vir TWEE keuses met TWEE redes.

IEB Copyright © 2024

Moontlike keuses kan die volgende insluit:

- Verhoog die volume van hul stem
- Gebruik 'n tartende of kwaai toon (of enige toon wat gepas vir die oomblik is)
- Verander die pas (afhangende van die gekose oomblik)
- Verhoog of verlaag hul toonhoogte (afhangende van hul gekose oomblik)

2.4 **Nasieners moet holisties na antwoorde kyk en krediet gee vir goed gemotiveerde punte. Wat hier volg is bloot 'n paar voorstelle.**

You Strike

Vryheidsliedere word uitgebreid gebruik om die etiese raamwerk van die drama te vestig, wat die gebeure in die drama verbind en bestudeer. Die liedere illustreer gekose karakters se emosies op 'n artistieke wyse sonder om die gehoor te manipuleer om direk met die betrokke karakter te empatiseer.

In Toneel 7 spot die karakters die boer met sang en handeling, deur 'n lied op maat van 'n bekende kinderrympie te sing, die lirieke is egter verander. Die lied en aksie kombineer die mondelinge en die fisiese, spot die boer en verhoog die oomblik op 'n wyse wat woorde alleen nie kan doen nie.

Vanaf Toneel 8 en verder het die liedere wat die aksie op die verhoog almal ondersteun betrekking op vryheidsliedere wanneer Sdudla haar persoonlike weergawe van die Vroue se opmars na Pretoria in 1956 begin, terwyl sy *Baphi' Osilinga* (Waar is die Verleiers) sing. Die inhoud van die toespraak word versterk deur die twee ander akteurs wat aanvanklik neurie, dan *Lo Mzabalazo* ("Hierdie Stryd") sing. Die klaende kreet van die lied gee uitdrukking aan die pyn en lyding wat swart vrouens vir eeue verduur het.

In Toneel 11 word die smart van die vrouens se lot weer deur sang geartikuleer. *Unzima Lomthwalo* ("Hierdie las is swaar"). Die lied eindig egter in uittarting: "die las is swaar; dit het mans verslaan, maar dit sal ons vrouens nie verslaan nie".

Die liedere in die drama word meer militant wanneer die bedreiging van onmiddellike polisie-optrede 'n werklikheid word.

In Toneel 13, waar die studente betoog, sing hulle 'n bekende strydlied wat Minister Botha "'n hond" noem en dreig om alle Boere dood te maak.

In die laaste toneel is daar historiese verwysing na die Vroue-optog van 1956 deur die slagspreuk *Wathint' Abafazi, Wathint' Imbokodo* te gebruik en eindig deur die krag en mag van vrouens te loof. Die karakters ondersteun die lied met optrede omdat die vrouens stokke optel om mee te baklei.

Woza Albert!

Musiek word gebruik in die eenmanorkes se opvoering tydens die opening van die drama. Dit skep aanvanklik 'n ontspanne, lighartige en byna humoristiese atmosfeer, wat dan heeltemal gekontrasteer word met wanneer Mbongeni gevra word om sy pasboek te wys. Sang is ook teenwoordig in die tronktoneel in Modder B gevangenis. Die prisoniers sing van hul fantasie van 'n vrou wat na hulle hunker. Dit leer die gehoor oor die eensaamheid en swaarkry wat deur die prisoniers ervaar word en skep 'n melancholiese atmosfeer. Sommige van die liedere, soos die ou man se lied wanneer hy 'n naald inryg, hou waarskuwing in en verdonker die stemming. Netso word Zuluboy se Zulu-oorlogsdans uitgevoer terwyl hy sing. Sy lied onthul dat verandering op pad is en dat die tyd sal kom wanneer die apartheidsregering verslaan sal word. Aan die einde van die drama is die lied wat deur die akteurs gedreunsing word feestelik in stemming en opbeurend wanneer hul die gevalle helde uit die dood opwek. Die atmosfeer is triomferend.

Sophiatown

Die liedere in die drama leer die gehoor oor die gebeure, probleme en triomfe van die mense wat hier woon. Die drama word oopgebreek deur sang in talle tale wat die rolle

van komende aksie, bou of breek spanning en skep gladde oorgange tussen tonele. Musiek en sang dra tot die atmosfeer van die drama by, asook ons begrip van die lewendige aard van Sophiatown as 'n artistieke kern. Die drama gebruik liedere as 'n dramatiese toestel. Die liedere verbind die tonele en lewer kommentaar oor die aksie/gebeure in die drama. Hulle spreek die gehoor direk aan en stel die toon en stemming. Hulle wys ons hoe die karakters voel. Die eerste lied "Kofifi Sophia" is 'n lied oor weiering om te trek. Dit vertel ons dat die karakters nie Sophiatown wil verlaat nie. Dit toon 'n gevoel van trots en behoortheid. Aan die einde van die toneel sing die vier manlike karakters 'n harmoniekwartet oor Princess, liefde, Sophiatown en maanlig. Dit het 'n optimistiese toon. Die hele Bedryf 2, Toneel 3 is 'n hartseer lied oor verwydering/trek en oor verlies van Sophiatown. Die vier mans dans en sing dan *Bantu Bahlala* (Mense Bly). Hierdie lied sê vir ons dat die spesiale kultuur van Sophiatown verlore sal gaan met die gedwonge verskuiwing. Die lied dra aan die einde die stemming oor van hartseer en rou oor vir wat verloor is.

2.5 2.5.1 **Kandidate moet TWEE geldige intensies/doelwitte van Arm Teater OF Epiese Teater verskaf. Nasieners moet enige geldige oogmerk aanvaar en 1 punt per intensie/doelwit toeken. Hieronder is 'n riglyn van moontlike antwoorde.**

EPIESE TEATER

- Brecht wou 'n storie/opeenvolging van gebeure so eenvoudig as moontlik vertel.
- Brecht wou gehad het dat die gehoor emosioneel vêr van die aksie van die drama moet wees.
- Hy wou gehad het dat sy gehore krities dink en objektief en intellektueel by die kwessies betrokke raak.
- Hy was van mening dat teater as 'n instrument vir sosiale/ maatskaplike verandering gebruik moet word.

ARM TEATER

- Grotowski wou ontdek wat teater kon aanbied wat film en televisie nie kon nie.
- Grotowski het armoede in teater voorgestel en geglo dat teater op die drie fundamentele komponente waaruit die teater bestaan moet fokus: die akteur, die toeskouer en die ruimte.
- Hy wou dit wat oortollig vir die teater was, soos grimering, oordadige beligting, baie rekwisiete, ens. uitskakel.
- Hy wou die belangrikheid van die akteur-gehoor/verhouding beklemtoon en hoe hierdie verhouding deur die plasing van die gehoor in die opvoerruimte geaffekteer word.
- Grotowski het 'n akteur-gesentreerde tipe teater beoog, waar van die akteur verwag word om van homself vir die gehoor te gee.

IEB Copyright © 2024

2.5.2 **Kandidate moet TWEE toepaslike konvensies van Arm Teater OF Epiese Teater noem en bespreek. Hulle moet ook 'n voorbeeld verskaf van waar in hul gekose drama, die konvensie gesien kan word. Max 5 punte as daar ’n fokus is op net EEN konvensie.**

Let wel: Die punteverdeling wat toegeken word aan die inhoud wat uitgedruk is, moet vloeibaar wees.
Hieronder is 'n riglyn van moontlike antwoorde.
Let wel: *Sophiatown* kandidate sal heel waarskynlik net Epiese Teater se konvensies kies.

You Strike
EPIESE TEATER

- Brecht het teater as 'n instrument vir sosiale verandering beskou. *You Strike* het openlik beoog om die onderdruktes bymekaarbring en mobiliseer om teen onderdrukking te veg. Die titel van die drama is bewys van die weerstand wat in die drama voorkom.
- Nog 'n konvensie van Epiese Teater is akteurs wat meer as een rol vertolk en generiese name het, soos Boervrou of Trekkerbestuurder. Dit word gedoen sodat karakters verteenwoordigend van tipes is. In *You Strike* is daar rolle wat deur die drie dames vertolk word, wat 'White Madam' of "Supervisor" insluit, wat verteenwoordigend van daardie tipes in die samelewing is.
- Brecht se dramas sou dikwels die vierde muur afbreek en die gehoor direk aanspreek en dit word in *You Strike* gesien wanneer Sdudla van haar ervaring by die Vroueoptog in 1956 vertel.
- Brecht maak gebruik van 'n episodiese struktuur in sy skryfwerk – sy drama het uit allenstaande tonele bestaan. In *You Strike*, is dit sigbaar, aangesien elke toneel op sy eie opgevoer kan word. Die tonele het ook hul eie titels.

ARM TEATER

- 'n Konvensie van Arm Teater word gesien deurdat daar van akteurs vereis word om enige nodige byklanke te maak deur hul eie stemme te gebruik, aangesien dit 'n akteur-gesentreerde benadering is. Opgeneemde klankeffekte word nie gebruik nie. Voorbeelde sluit in die helikoptergeluide, hoendergeluide, die geluid van 'n polisie-sirene, geluid van die polisievangwa.
- Arm Teater het suiwer funksionele kostuums vereis. Die kostuums is suiwer funksioneel en eenvoudig. Die kostuums is tipies van vroue by 'n markplek: 'n oorpak of 'n shweshwe-rok, en 'n voorskoot. Die toneelstuk word dikwels in tradisionele drag opgevoer, soos helderkleurige (maar verbleikte) rokke, kopdoeke en krale.
- Arm Teater is akteur-gesentreerd en vereis groot fisiese vaardigheid. *You Strike* vereis dat die akteurs talle rolle vertolk en om maklik van die een na die een oor te skakel deur hul lywe te gebruik om die verskillende karakters uit te beeld. Dit is ook energiek en daar word van die akteurs verwag om te kan dans. Enige voorbeeld van dans wat gepaard met die sang gaan, is aanvaarbaar.

IEB Copyright © 2024

Woza Albert!

EPIESE TEATER

- Brecht het teater as 'n instrument vir sosiale/maatskaplike verandering beskou. *Woza Albert!* het openlik beoog om die onderdruktes bymekaar te bring en mobiliseer om teen onderdrukking te veg. Zuluboy, as 'n karakter, vra Morena om die gevalle vryheidsvegters uit die dood op te wek sodat hulle weer by die geveg teen apartheid kan aansluit. In die Albertstraat-toneel volg die karakters Morena se versoek om hul pasboeke weg te gooi.
- In sommige tonele is daar 'n gevoel dat een akteur die gehoor toespreek, byna soos om wat hy sê met hulle deel, sowel as met die ander karakter. Dit is dikwels 'n Brechtiaanse opvoeringskenmerk – 'n karakter kan dalk vir die gehoor knipoog asof hy wil sê: "Look, I'm not believing this, I am demonstrating it". 'n Voorbeeld hiervan is in die eerste toneel wanneer Percy (as 'n polisieman) hulle aanspreek wanneer hy oor Mbongeni praat en sê: "Ja, this is what I call loafer-skap".
- Brecht maak van 'n episodiese struktuur in sy skryfwerk gebruik – sy drama het bestaan uit tonele wat alleen kon staan. In *Woza Albert!* is dit sigbaar, aangesien elke toneel op sy eie opgevoer kan word en die gehoor opvoed oor 'n spesifieke aspek van onderdrukking. Byvoorbeeld, die Coronation Brickyard toneel kan alleen staan as bewys van werkeruitbuiting.
- Die karakters is gewoonlik kamees – baie verskyn slegs een keer, soos Aunty Dudu of die klein straatvleisverkoper. Die akteurs vertolk vele rolle en verteenwoordig hierdie tipes. Dit is nog 'n Brechtiaanse tegniek.

ARM TEATER

- 'n Konvensie van Arm Teater word gesien deurdat daar van akteurs vereis word om enige nodige byklanke te maak deur hul eie stemme te gebruik, aangesien dit 'n akteur-gesentreerde benadering is. Opgeneemde klankeffekte word nie gebruik nie. Voorbeelde sluit in die helikoptergeluide, die geluid van gonsende vlieë, die geluik van haarknippers, die geluid van voertuie, die geluid van die steenmasjien.
- Arm Teater vereis suiwer funksionele kostuums. Die kostuums is suiwer funksioneel en eenvoudig. Percy en Mbongeni dra grys sweetpakbroeke met hardloopskoene. Hulle bolywe is kaal. Hierdie basiese kostuum is suiwer funksioneel, wat dit vir die akteurs moontlik maak om maklik van karakter te verander.
- Arm Teater is akteur-gesentreerd en vereis groot fisiese vaardigheid. *Woza Albert!* vereis dat die akteurs talle rolle vertolk en om maklik van die een na die een oor te skakel deur hul lywe te gebruik om die verskillende karakters uit te beeld. Dit is ook energiek wat van die akteurs verwag om te kan dans (byvoorbeeld, Zuluboy, wanneer hy sy Zulu-oorlogdans uitvoer).

IEB Copyright © 2024

Sophiatown
EPIESE TEATER

- Brecht het teater beskou as 'n instrument om sosiale/ maatskaplike verandering mee te bring. *Sophiatown* het openlik beoog om die onderdruktes bymekaar te bring en mobiliseer om teen onderdrukking te veg. Fahfee is 'n karakter wat voortdurend die ander oor die politieke gebeure wat ontvou op hoogte bring en probeer om hulle sovêr te kry om by die ANC se weerstand as vrywilliges aan te sluit.
- Brecht se dramas sou dikwels die vierde muur afbreek en die gehoor direk toespreek en dit word gesien in *Sophiatown* wanneer Jakes met die gehoor praat om te gesels en die tyd om te kry. Ander voorbeelde sluit die monoloë aan die einde van die drama in. Die karakters praat direk met die gehoor, en onthul hul lot na die vernietiging van Sophiatown.
- Brecht maak van 'n episodiese struktuur in sy skryfwerk gebruik – sy dramas bestaan uit tonele wat alleen kan staan. In *Sophiatown* is dit sigbaar, aangesien elke toneel op sy eie opgevoer kan word.
- Die ontwerp van die verhoog is Brechtiaans, wat gefragmenteerde elemente gebruik, soos die foto's, tekens en koerantuitknipsels as 'n agtergrond, asook rekwisiete en stelstukke wat verteenwoordigend en simbolies is, soortgelyk aan daardie konvensies in Epiese Teater.
- Die gebruik van Gestus is nog 'n konvensie van Epiese Teater: byvoorbeeld, die bad is simbolies van wit luuksheid, maar word gebruik om bier vir die sjebien te brou.

2.6 2.6.1 **Let wel: die punteverdeling wat aan inhoud wat uitgedruk is, toegeken word, moet vloeibaar wees. Nasiener moet holisties na antwoorde kyk en krediet vir goed-gemotiveerde antwoorde gee. Hieronder is 'n riglyn vir moontlike antwoorde. Merkers mag punte gee vir kandidate se antwoorde wat fokus op die satiriese, komie/humoristiese natuur van die beelde. Kandidate kan ook punte kry as hul verwys na die karakters as karikature.**

You Strike
Die beeld wys vrouens wat betoog met plakkate wat na die 1956 se Vroue-optog verwys. Hulle lyk vreedsaam terwyl hulle betoog en simboliseer 'n stemming van vreedsame weerstand. Die beeld kommunikeer die erflaters se wens om die 30ste herdenking van die Vroue-optog na Pretoria te vier en om die krag van swart vrouens te toon. Hulle wou wys hoe vrouens mag het en in staat tot weerstand is as hulle saamwerk. Die stemming is vreedsaam tog uitdagend en vol krag.

Woza Albert!
Die beeld toon twee mans met glimlagte op hulle gesigte, wat 'n redelike lighartige luim oordra. Daar is 'n atmosfeer van speelsheid in die beeld wat gekommunikeer word, aangesien die mans gelukkig lyk en dit voorkom asof hulle denkbeeldige instrumente speel. Die drama gebruik baie komedie in die vorm van satire wat in die speelse, helderkleurige font van die titel weerspieël word.

Sophiatown
Die beeld sluit 'n stootskraper in, wat 'n sin van vernietiging oordra en 'n atmosfeer van onheil kommunikeer. Die drie figure wat Mingus, Ruth en Jakes voorstel, lyk asof hulle in die lug hang, wat 'n sin van onserkerheid skep. Dit hou verband met die stemming van onsekerheid in die drama, aangesien karakters voor 'n onsekere toekoms te staan kom as gevolg van die gedwonge verskuiwing.

IEB Copyright © 2024

2.7 **Hanteer elke antwoord op sy meriete. Hierdie vraag is vertolkend en moet dienooreenkomstig nagesien word. Wat volg is bloot 'n riglyn. Kandidate moet vir geldige punte gekrediteer word wat na karakters kan verwys of ander aspekte van die produksies.**

Algemene voorstelle:

- Gedurende apartheid het die Suid-Afrikaanse regering die media streng gesensor en beheer tot watter inligting mense kon toegang kry. Protesteater het hierdie sensorskap omseil deur dramatiese opvoerings te gebruik om belangrike boodskappe te kommunikeer.
- Die dramas het dikwels sensitiewe onderwerpe behandel soos polisiebrutaliteit, rassisme en die stryd van swart Suid-Afrikaners onder apartheid. Hierdie was presies die stories wat die regering wou onderdruk, wat protesteater 'n noodsaaklike bron van ongesensureerde inligting maak.
- Anders as koerante wat dikwels beperk is of op 'n spesifieke demografie gemik was, het protesteater se opvoerings 'n breër gehoor bereik. Hulle is in townships, gemeenskapsentrums en selfs skole opgevoer, wat 'n wyer verspreiding van kritiese idees verseker het.
- Teater is 'n meer toeganklike medium as skriftelike teks, veral vir 'n bevolking met hoë ongeletterdheidskoerse. Die dramas se gebruik van musiek, dans en storievertel het die boodskappe aantrekliker en meer onvergeetlik vir 'n wyer gehoor gemaak.

Voordele van die werksessieproses:

- Enigiemand kan 'n toneelstuk skep, selfs al is hulle ongeletterd
- Geen draaiboek word vereis nie
- Dit is demokraties en samewerkend, wat beteken almal in die groep het 'n stem en voel asof hulle inset waardevol is
- Dit is onmiddellik – hoef nie vir 'n redigeerder of uitgewer te wag nie
- Dit is maklik verskuifbaar – kan enige plek opgevoer word
- Dit is redelik en koste-effektief om op te voer – geen oordadige stel nie en rekwisiete en kostuums word tot die minimum beperk
- Die toneelstuk is so gevarieerd soos die talente in die groep

Temas:

You Strike

Temas wentel om die ervaring van swart vrouens en hul rol in die vryheidstryd, families verdeel weens permitwette en paswette, ontrou mans, die stryd om in apartheid Suid-Afrika te oorleef, die krag en deursettingsvermoë van vrouens in die aangesig van geweld.

Woza Albert!

Temas wentel om die misbruike van apartheid, die ongeregtighede van apartheidswette, die gebrek aan gelyke geleenthede, uitbuiting van werkers, die ontkenning van die vryheid van spraak en assosiasie, Christendom vanuit 'n Afrika perspektief, en hoop.

Sophiatown

Temas wentel om die misbruike van apartheid, spesifiek die gedwonge verskuiwing as gevolg van die Groepsgebiedewet. Dit fokus ook op die miskenning en weerstand wat gedurende die opbou tot en die afdwinging van die vernietiging van Sophiatown. Ander temas sluit verlies en herinnering, kulturele identiteit en erfenis, segregasie en die viering van diversiteit in.

IEB Copyright © 2024

AFDELING C SUID-AFRIKAANSE TEATER/FILM (NA 1994)

VRAAG 3 (A) SUID-AFRIKAANSE KONTEMPORÊRE TEATER (NA 1994)

In hierdie vraag kan jy na EEN, TWEE of DRIE van die volgende dramas in jou antwoord verwys:

- ***Born Naked*** **deur ZikkaZimba Productions and Hijinks Theatre OF/EN**
- ***Ubu and the Truth Commission*** **deur Jane Taylor OF/EN**
- ***Eclipsed*** **geskep deur Sylvaine Strike *et al.***

3.1 **Elke antwoord moet op sy eie meriete hanteer word. Nasieners moet 1 punt per geldige punt toeken.**

- Daar is kragtige simboliek om 'n drama in 'n nasionale gebou op te voer, want dit plaas die storie direk in die hart van Suid-Afrika se politieke mag.
- Nie-tradisionele ruimte kan 'n meer meeslepende en gedagteprikkelende ervaring vir die gehoor skep.
- Die onbekende omgewing kan hulle dwing om die temas van die drama in 'n nuwe lig te konfronteer.
- Om die drama in 'n nasionale gebou op te voer sal aansienlike media-aandag genereer, publiek se bewustheid verhoog en nasionale gesprek aan die gang sit.
- Die onkonvensionele keuse van plek kan bespreking en debat ontlok, en die kwessie in die openbare oog hou.

3.2 3.2.1 **Elke antwoord moet op sy eie meriete hanteer word. Nasieners moet 1 punt per geldige punt toeken. Hieronder is bloot voorstelle. Nasieners kan 'n maksimum van 4 punte vir elke kolpunt toeken.**

Born Naked

Boodskap en intensie/doelwit:

- Die toneelstuk is in 'n samewerkende gees bedink en geskep as 'n reaksie op die kontemporêre post-apartheid, postmoderne Suid-Afrika waarin ons onsself bevind.
- In 2012 het regisseur Kirsten Harris gelees van die aangrypende en brutale verhaal van Thapelo Makhutle – 'n gay-kompetisiewenner wat in 'n haatmisdaad vermoor en erg vermink is.
- In 2018 het die rolverdeling en regisseur die toneelstuk in die styl van Versetteater uitgedink as 'n daad van weiering om die manier waarop Thapelo Makhutle se storie vertel is, te aanvaar.
- Die drama lewer kommentaar op geslagsgebaseerde geweld, queer-verteenwoordiging, geslagidentiteit, liefde en vriendskap, beandering (*othering),* uitdagende geslagstweesydigheid, geweld teen die LGBTQIA+ gemeenskap, ras en toksiese heteronormatiewe denke, ens.
- Die drama beoog om belangrike vrae te opper oor geslagidentiteit, queer verteenwoordiging, geslagsgebaseerde geweld, binêre vooroordeel, wreedheid van die mensdom, beandering (*othering),* rassisme, toksiese heteronormatiewe denke en hetero-eksklusiewe koloniale konformiteit in Suid-Afrika, MAAR moedig die gehoor aan om verantwoordelikheid te aanvaar om die antwoorde te skep.
- Die skeppers van hierdie drama het beoog om verandering in die teater te skep en 'n deel van die evolusie van die samelewing te wees.

IEB Copyright © 2024

- Hierdie stuk teater argumenteer teen wat die samelewing aan sy mense bied. Die doel is om die storie van Thapelo en die gemeenskap waarin hy geleef het te vertel, omdat mense verdraagsaam teenoor Thapelo was, maar nie aanvaardend nie. Die teks is daar heteronormatiewe narratiewe te dekonstrueer.

Impak van die plek:

- Die opvoering van die drama by die Uniegebou of Parlementshuis plaas die kwessie van LGBTQIA+-regte en geweld teen hulle direk in die middel van nasionale politieke diskoers. Dit beklemtoon die behoefte aan wetsverandering en maatskaplike aanvaarding.
- Mandela het geveg vir gelykheid en geregtigheid vir almal. Optrede by die Mandela Capture Site verbind Thapelo se storie met die voortdurende stryd vir daardie regte en die verraad wat deur die LGBTQIA+-gemeenskap ervaar word.
- 'n Nie-tradisionele plek soos 'n nasionale gebou sal aansienlike media-aandag genereer, wat die publiek se bewustheid van die wrede daad teen Thapelo en die voortgesette stryd van die LGBTQIA+-gemeenskap in Suid-Afrika verhoog.
- Die onkonvensionele keuse van plek kan bespreking en debat oor haatmisdade en LGBTQIA+-regte ontlok, wat aandring op wetgewende en sosiale verandering.
- Om die drama buite 'n tradisionele teater op te voer, kan 'n breër gehoor bereik wat normaalweg nie teaterproduksies sou bywoon nie. Dit kan beleidmakers insluit wat verandering kan deurvoer en die algemene publiek wat meer bewus moet wees van die kwessie.

Ubu and the Truth Commission

Boodskap en intensie/doelwit:

- Alhoewel die WVK daarop gemik was om versoening te bevorder deur die waarheid te openbaar, is hierdie "waarheid" gekonstrueer deur die individuele narratiewe van slagoffers en oortreders. Die drama se intensie is om die idees van geregtigheid, versoening, geheue en waarheid te ondersoek.
- Die dramaturg se rol in *Ubu and the Truth Commssion* word dan een van probeer sin maak uit die chaos van tragiese gebeure, om stories te vertel, stories oor karakters in die geskiedenis in komplekse en dramatiese kontekste.
- As hierdie stories vertel word, het die individu en die samelewing alternatiewe waarmee hy/sy sy/haar verlede kan evalueer en so transformeer, groei en verander.
- In *Ubu and the Truth Commission* sien ons 'n betrokkenheid by die komplekse kwessies rakende die idees van waarheid en die daaropvolgende versoening wat na verwagting sou voortvloei uit die "volledige kennis van die verlede" in die WVK en sy geheue-werk.
- *Ubu and the Truth Commission* vra aan wie die mag gegee word om te praat, om op te tree, om vrygespreek te word en, die belangrikste, om te genees.

Impak van die plek:

- Die opvoering van die drama by die Uniegebou of Parlementshuis plaas die sosiale kommentaar oor die WVK direk in die hart van Suid-Afrika se

politieke sfeer. Dit skep 'n kragtige verband tussen die toneelstuk se temas en die instellings wat verantwoordelik is vir die uitvoering van verandering.
- Die Mandela Capture Site verteenwoordig die stryd vir geregtigheid en versoening. Die opvoering van die drama hier beklemtoon die kompleksiteit van die bereiking van daardie doelwitte na die WVK en die voortdurende behoefte aan aanspreeklikheid.
- Om die drama buite 'n tradisionele teater op te voer, kan dit meer toeganklik vir 'n breër gehoor maak, insluitend beleidvormers, staatsamptenare of die algemene publiek wat gewoonlik nie teaterproduksies bywoon nie. Dit wek bewustheid van die WVK se nalatenskap.
- Die skrille kontras tussen die drama se absurde elemente en die ernstige aard van die WVK-verhore kan 'n kragtige en prikkelende ervaring vir die gehoor in 'n onbekende omgewing skep.
- Die opvoering van die toneelstuk by 'n nasionale gebou met historiese betekenis kan 'n dieper verband tussen die gehoor en die temas van die WVK en die impak daarvan op die nasie skep.

Eclipsed

Boodskap en intensie/doelwit:
- *Eclipsed* het ontstaan uit die behoefte om navorsing te doen, op te voed en 'n bewustheid oor die Life Esidimeni-tragedie te skep.
- Strike was bekommerd oor die toestand van geestesgesondheid onder jong Suid-Afrikaners en het besluit om die Life Esidimeni-tragedie as die beginpunt te gebruik.
- Die doel van hierdie projek was om na te vors, te skep en te bemagtig; om studente aan te moedig om die implikasies van sulke enorme verwaarlosing wat deur die regering getoon word, te verstaan, en om proaktief deel te neem om 'n verskil te maak aan die geestesgesondheidslandskap in ons land.

Impak van die plek:
- Die opvoering van die toneelstuk in 'n regeringsgebou soos die Uniegebou of Parlementshuis skep 'n kragtige verband tussen die Esidimeni-tragedie en die nasie se verantwoordelikheid om diegene met geestesgesondheidskwessies te ondersteun.
- Mandela is 'n simbool van vryheid en geregtigheid in Suid-Afrika. Die uitvoering van die toneelstuk by die Mandela Capture Site beklemtoon die voortdurende stryd om daardie regte en die verraad van die Esidimeni-pasiënte.
- Die opvoering van die toneelstuk in 'n nasionale gebou of erfenisterrein sal die regering se aanspreeklikheid (of gebrek daaraan) beklemtoon en bewustheid verhoog van die verwaarlosing van diegene wat kwansuis in beheer is. Dit kan beleidvormers, staatsamptenare of die algemene publiek insluit wat dalk nie met die storie vertroud is nie.

3.2.2 **Hanteer elke antwoord op sy eie meriete. Hierdie vraag is vertolkend en moet dienooreenkomstig nagesien word. Wat volg is bloot 'n riglyn. Kandidate moet kennis toon van die drama se stel en tegniese vereistes (maks. 4 punte) en hoe hulle in die onkonvensionele ruimte geakkommodeer moet word (maks. 4 punte). Gee krediet vir kandidate wat ’n begrip van stel vereistes demonstreer.**

Born Naked

- Die stelontwerp is buigsaam en maak dit moontlik vir die karakters om tussen die verlede en die huidige oomblik te beweeg.
- Die stelontwerp met al sy kleurvolle rekwisiete en stelstukke, weerspieël die skoonheid, kleur en ontvlugtingsgevoel van die fopdoswêreld.
- In die middel van die verhoog is 'n klein reghoekige mobiele platformverhoog op wiele. Hierdie klein mobiele platform is bedek met kitsch LED-ligte.
- Die een swart spieëltafel op wiele met 'n stoel is regs op die verhoog geplaas en is versier met rekwisiete (grimering), vere-boas wat die spieël versier, en materiaal wat met blinkertjies versier is wat oor die onderste deel gedrapeer is.
- Nog 'n spieëltafel en stoel is agter die skerms weggesteek. Dit is stowwerig, maar ook met vere en rekwisiete versier.
- Om 'n spesifieke gebied in die Parlementshuis/Uniegebou te kies en op 'n minimalistiese stel te besluit wat die bestaande argitektuur benut, kan 'n kragtige en simboliese verhoog skep. Dit kan die gebruik van lessenaars of podiums vir opvoering behels.
- Ligte, draagbare stelstukke en 'n buigsame beligtingsontwerp wat die gebou se bestaande vaste toebehore benut, kan gebruik word.
- Die onkonvensionele toneelskikking kan kreatief gebruik word. Die gehoor kan nader aan die akteurs geposisioneer word, wat 'n meer intieme en meeslepende ervaring skep.
- Die opvoering van die toneelstuk by die Mandela Capture Site sal makliker wees ten opsigte van ruimte, maar meer van 'n uitdaging as gevolg van die kleurvolle beligting en lewendige musiek wat vereis word.
- Redelik uitgebreide luidsprekeropstellings sal vereis word aangesien die musiek in die toneelstuk baie belangrik is.

Ubu and the Truth Commission

- Die stelontwerp is minimalisties: groot stoele en tafels met rekwisiete word net op die verhoog gestoot wanneer dit nodig is en daar moet 'n skerm wees vir geanimeerde beelde en videogrepe.
- Die Ubu-huishouding word geskep deur meubels soos die etenstafel en stoele; Ma Ubu se sofastoel; die storthokkie/ vertalerhokkie.
- Die WVK-sessies word bloot geskep deur die getuies wat vorentoe kom en deur die vertalershokkie (wat ook die storthokkie is).
- Woorde, frases en beelde op die skerm skep 'n onwerklike agtergrond.
- Die fokus is meer op karakters (mense en marionette) en hul wisselwerking.
- Die regisseur kan 'n spesifieke kamer of gebied in die Parlementshuis/Uniegebou kies wat die mees werkbare ruimte vir enscenering bied.
- Tydelike platforms, sitplekstootborde, ligte stelstukke kan gebou word om 'n meer funksionele opvoeringsruimte te skep.
- 'n Vindingryke stelontwerper kan die bestaande argitektuur van die Parlementshuis/Uniegebou gebruik om 'n unieke en indrukwekkende verhoog te skep. Dit kan behels dat die lessenaars, podiums of selfs die kamer self as deel van die stel gebruik word. Die Mandela Capture Site sal minder beperkend wees ten opsigte van die stel, maar groter uitdagings ten opsigte van die tegniese vereistes inhou.

IEB Copyright © 2024

- Die meeste van die kamers in die Parlementshuis/Uniegebou sal toegang hê tot projektors waarop Kentridge se animasies vertoon kan word, maar as die Mandela Capture Site gekies word, sal 'n skerm en projektor ingebring moet word.

Eclipsed

- As daar 'n agtermuur in die opvoeringsruimte is, moet lyste van die name van die pasiënte wat in die tragedie gesterf het met wit kryt op die oppervlak geskryf word. Die name van die vermistes moet met strepe langs die nommer aangedui word.
- Twee kniehoogte kiste oorgetrek met kartondoosmateriaal word gebruik, een waarop me. Maria Phehla vir die arbitrasietonele moet sit, en die ander om op te staan deur verskeie karakters soos Coralie Trotter en Hannah Jacobus wanneer hulle getuig.
- Die kante van die verhoog en langs die agtermuur is besaai met nog lêers en papiere, insluitend die balkon bo die agtermuur. Hierdie area word as 'n bykomende opvoerruimte gebruik, soos vir die openingsmonoloog en wanneer die ensemble die pasiënte se vervoer vanaf Life Esidimeni uitvoer en hulle wip, wieg en beweeg asof in 'n voertuig.
- Toneelveranderinge vind plaas wanneer lede van die ensemble verskeie items (soos die boks of die swerwende mikrofoon op die verhoog) beweeg.
- 'n Spesifieke area binne die Parlementshuis/Uniegebou wat 'n werkbare opvoeringsruimte bied, kan gekies word. Dit kan 'n kleiner kamer of 'n voorportaal wees wat 'n kreatiewe stelontwerp moontlik maak.
- 'n Veelsydige stelontwerp wat die bestaande argitektuur benut, kan gebruik word. Dit kan behels dat meubels of kenmerke van die kamer/voorportaal self as deel van die stel gebruik word.
- Die gebruik van draagbare beligtingsapparaat, klankstelsels en minimale stelstukke sal meer buigsaamheid binne die beperkte ruimte bied.
- 'n Meer intieme opvoeringsruimte soos die Mandela Capture Site kan die emosionele impak van die toneelstuk verhoog. Die gehoor kan die aksie van die toneelstuk omring.
- Die unieke omgewing kan gebruik word om gehoordeelname aan te moedig. Strategiese sitplekreëlings of selfs 'n mate van gehoorinteraksie kan ondersoek word, indien respekvol teenoor die temas en ruimte is.

3.2.3 **Kandidate moet DRIE geldige tegniese uitdagings verskaf om hul geselekteerde produksie in die gekose ruimte op te voer. Hulle kan kenmerke noem van die ruimte waaroor hulle in 3.2.2 geskryf het, en nasieners moet dit aanvaar, solank die fokus op die feit is dat dit 'n uitdaging sal wees. Nasieners moet enige geldige tegniese uitdaging aanvaar en 1 punt per tegniese uitdaging toeken. Hieronder is 'n riglyn vir moontlike antwoorde.**

- Die ruimtes is ontwerp vir wetgewende funksies of toeriste, nie teaterproduksies nie. Hulle het waarskynlik nie behoorlike gebiede agter die verhoog vir akteurs en rekwisiete nie.
- Sitplekke is ontwerp vir lede van die Parlement / amptelike funksies / toeriste, nie 'n gehoor nie. Dit kan swak siglyne en klankgehalte vir sommige kykers skep.
- Kragbronne en dataverbindings is dalk nie voldoende om die tegniese vereistes van 'n professionele teaterproduksie te hanteer nie.

IEB Copyright © 2024

- Om toestemming te verkry om die ruimte vir 'n teaterproduksie te gebruik, sal waarskynlik 'n ingewikkelde proses wees.
- Logistiek aangaande gehoorbeweging, sekuriteitskontrolering en potensiële skade aan die gebou/perseel sal noukeurig oorweeg moet word.
- Die regisseur sal sensitief moet wees vir die historiese betekenis van die gekose plek en moet verseker dat die produksie die ruimte respekteer.

3.3 **Nasieners moet holisties na antwoorde kyk en krediet gee vir goed gestaafde punte. Wat hieronder volg, is bloot 'n paar voorstelle.**

Born Naked

- Delf diep in Thapelo se lewensverhaal, sy persoonlikheid, drome en stryd. Deel hierdie inligting met die rolverdeling om hulle te help om die persoon agter die tragedie te verstaan.
- Doen navorsing oor die ervarings van die LGBTQIA+-gemeenskap in Suid-Afrika, veral die uitdagings wat hulle in die gesig staar rakende geweld en diskriminasie. Hierdie konteks sal onderliggend aan die karakters se motivering en vrese wees.
- Oorweeg dit om 'n professionele persoon uit te nooi om sensitiwiteitsopleiding oor LGBTQIA+-kwessies, haatmisdade te doen en die impak van geweld met respek uit te beeld.
- Fasiliteer oop besprekings oor die toneelstuk se temas, insluitend homofobie, geweld en hartseer. Moedig rolverdelingslede aan om hul eie ervarings en bekommernisse te deel om sensitiwiteit te verseker.
- Werk saam met die rolverdeling aan karakterontwikkeling. Moedig hulle aan om hul karakters se agtergrondverhale, motiverings, verhoudings en die impak van die lewe in 'n samelewing met vooroordeel te verken.
- Skep 'n veilige en ondersteunende ruimte waar akteurs gemaklik voel om hul ongemak uit te druk of aanpassings voor te stel om 'n respekvolle uitbeelding te verseker.
- Gebruik repetisietegnieke wat akteurs help om met die karakters se emosies en ervarings aansluiting te vind. Dit kan improvisasie-oefeninge, bewegingsoefeninge of die verkenning van tonele vanuit verskillende perspektiewe behels.
- Lei die akteurs om die karakters se kwesbaarhede en die impak van die geweld met sensitiwiteit en respek te verken. Vermy gratifikasie of sensasie.
- Terwyl die drama oor 'n donker onderwerp handel, verken maniere om die vreugde, veerkragtigheid en krag van Thapelo en die LGBTQIA+-gemeenskap ten toon te stel.
- Identifiseer oomblikke in die draaiboek wat besondere sensitiwiteit vereis en bespreek hoe om dit met respek uit te beeld. Dit kan besprekings oor taal, liggaamlikheid en emosionele uitdrukking behels.
- Indien moontlik, werk saam met die dramaturg om jou visie vir die produksie te bespreek en te verseker dat dit ooreenstem met hul intensie/doelwit vir die karakters se uitbeelding.

Ubu and the Truth Commission

- Organiseer werksessies of voorlesings vir die rolverdeling om 'n diepgaande begrip van apartheid, die gruwels daarvan, en die Waarheid-en-versoeningskommissie se doel en uitdagings te kry.
- Doen navorsing oor die ervarings van diegene wat by die WVK-proses betrokke is, insluitend slagoffers, oortreders en kommissielede. Deel hierdie inligting met

IEB Copyright © 2024

die rolverdeling om hulle te help om hul karakters se motiverings en stryd te verstaan.
- Oorweeg dit om 'n professionele persoon uit te nooi om sensitiwiteitsopleiding te doen oor die uitbeelding van trauma, versoening en die kompleksiteite van Suid-Afrika se geskiedenis.
- Fasiliteer oop gesprekke met die rolverdeling oor die toneelstuk se temas, die karakters se ervarings en die belangrikheid van respekvolle uitbeelding. Moedig vrae aan en eerlike uitdrukking van enige bekommernisse.
- Werk saam met die rolverdeling aan karakterontwikkeling. Moedig hulle aan om hul karakters se agtergrondverhale, motiverings en emosionele reise te verken.
- Skep 'n veilige en ondersteunende ruimte waar akteurs gemaklik voel om hul ongemak uit te druk of aanpassings voor te stel om sensitiewe voorstelling te verseker.
- Gebruik repetisietegnieke wat akteurs help om met die karakters se emosies en ervarings te verbind. Dit kan die gebruik van improvisasie-oefeninge, historiese getuienisse of bewegingsoefeninge behels.
- Lei die akteurs om die karakters se kwesbaarhede en traumas met sensitiwiteit en respek te verken. Vermy gratifikasie of sensasie in die uitbeelding van geweld of lyding.
- Die toneelstuk gebruik absurdistiese elemente. Help die akteurs om die balans te vind tussen die uitbeelding van die absurditeit van die situasie en die baie werklike menslike stories in sy kern.
- Identifiseer oomblikke in die draaiboek wat besondere sensitiwiteit vereis en bespreek hoe om dit met respek uit te beeld. Dit kan besprekings oor taal, liggaamlikheid en emosionele uitdrukking behels.
- Indien moontlik, werk saam met die dramaturg om jou visie vir die produksie te bespreek en te verseker dat dit ooreenstem met hul bedoeling vir die karakters se uitbeelding.

Eclipsed
- Organiseer diepgaande werkswinkels oor die tragedie. Dek die gebeure wat daartoe gelei het, die ervarings van die pasiënte wat onwettig verskuif is, en die daaropvolgende ondersoek.
- Doen navorsing oor die agtergronde van die karakters wat in die toneelstuk uitgebeeld word. Verken hul lewens voor Esidimeni, hul ervarings tydens die verskuiwing en die impak op hul gesinne.
- Oorweeg dit om 'n professionele persoon met ervaring in trauma, gestremdheid en gesondheidsorgnalatigheid uit te nooi om sensitiwiteitsopleiding te doen.
- Fasiliteer oop besprekings oor die drama se temas, die karakters se ervarings en die belangrikheid van respekvolle uitbeelding. Moedig vrae aan en eerlike uitdrukking van enige bekommernisse.
- Werk saam met die rolverdeling aan karakterontwikkeling. Moedig hulle aan om die karakters se agtergrondverhale, persoonlikhede, hanteringsmeganismes en veerkragtigheid te verken.
- Skep 'n veilige en ondersteunende ruimte waar akteurs gemaklik voel om ongemak uit te druk of aanpassings vir 'n sensitiewe uitbeelding voor te stel.
- Gebruik repetisietegnieke wat akteurs help om met die karakters se emosies en ervarings te verbind. Dit kan improvisasie-oefeninge behels, die gebruik van historiese getuienisse of opnames van onderhoude met oorlewendes, of bewegingsoefeninge wat verlies, vrees en veerkragtigheid uitdruk.

IEB Copyright © 2024

- Lei die akteurs om die karakters se kwesbaarhede en die trauma van die situasie met sensitiwiteit en respek te verken. Vermy gratifikasie of sensasie om die verwaarlosing en lyding uit te beeld.
- Terwyl jy die tragedie erken, ondersoek ook maniere om die krag, waardigheid en veerkragtigheid van die karakters in die toneelstuk ten toon te stel.
- Identifiseer oomblikke in die draaiboek wat besondere sensitiwiteit vereis en bespreek hoe om dit met respek uit te beeld. Dit kan besprekings oor taal, liggaamlikheid en emosionele uitdrukking behels.
- Indien moontlik, werk saam met die dramaturg om jou visie vir die produksie te bespreek en te verseker dat dit ooreenstem met hul bedoeling vir die karakters se uitbeelding.

3.4 **Nasieners moet holisties na antwoorde kyk en krediet gee vir goed gestaafde punte. Wat hieronder volg, is bloot 'n paar voorstelle.**

Born Naked

- Die fisiese transformasie van Sechaba, 'n jong man wat huiwerig in sy bewegings, na Blaq Widow, 'n selfversekerde fopdosser, wys die krag van selfuitdrukking en die omhelsing van 'n mens se identiteit.
- Sechaba leer hoe om in hoëhakskoene te loop, aangesien dit 'n nuwe ervaring vir hom is. Baie komiese elemente word ingebring in hoe Sechaba loop, met spesifieke verwysing na 'n Commedia dell'Arte lazzi.
- Daar is 'n gevoel van die verloop van tyd namate Sechaba meer selfversekerd raak in sy stap, en 'n gevoel van kwesbaarheid in sy transformasieverhaal wat die gehoor aanlok.
- Die flambojante fisiekheid van Blaq Widow se drag-persona kan die krag van prestasie beklemtoon as 'n vorm van selfuitdrukking en verset teen samelewingsnorme.
- Direkte fisiese interaksies met die gehoor, soos Blaq Widow wat hul blik of ongemak uitdaag, kan 'n gevoel van onmiddellikheid skep en hulle by die emosionele wêreld van die karakters intrek.

Ubu and the Truth Commission

- Beweging en liggaamlikheid speel 'n deurslaggewende rol in die versterking van die toneelstuk se satire en komplekse temas, wat die gehoor help om die absurditeit en beperkings van die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK) te verstaan.
- Pa Ubu se oordrewe bewegings en groteske gebare kan die absurditeit van sy karakter en die korrupte aard van diegene wat by apartheid gebaat het, beklemtoon. Sy bewegings word deur die burleske opvoeringstyl beïnvloed en is vulgêr en gestileer.
- Lomp pogings om opregte of oordrewe vertoon van smart deur die karakters kan gebruik word om met die performatiewe aspekte van de WVK-proses te spot.
- Deur die selfversekerde, uitgebreide bewegings van die invloedrykes (soos Ubu) te kontrasteer met die beperkte of huiwerige bewegings van slagoffers en oorlewendes kan die magswanbalanse binne die WVK-proses wys.
- Die houtgesigte van die poppe wat getuienis lewer, is gebeitel om een emosie uit te beeld, maar hulle word skynbaar tot lewe gebring deur die stem van die manipuleerder wat hul woorde spreek. Die hanteerders gee hulle ook lewe, beweeg hulle op so 'n manier dat dit lyk asof hulle lewe en asemhaal. Die bewegings is stadig en versigtig, wat bydra tot die idee dat dit moeilik is om hul stories te vertel. Dit skep patos.

IEB Copyright © 2024

Eclipsed

- Fisiese Teater word deur die hele drama gebruik – dit dra metafoor en emosies vir die ensemble oor en skep kenmerkende karakters, soos me. Maria Phehla.
- Dansreekse is gechoreografeer op grond van improvisasie, en saam met die lêers as rekwisiete wat die simbool van die drama geword het.
- Die ensemble werk saam om onstabiliteit te ontlok deur die liggaam teen diagonale hoeke te laat werk.
- Die regeringsamptenare was verhewe en groter as die lewe en het die satire verskaf wat deur *Eclipsed* gepeper is, wat dit verteerbaar maak.
- Die oomblik toe die vereistes van 'n NRO gelys word, gebruik die ensemble fisiese gebare om elke vereiste in 'n gesinchroniseerde vorm te stempel.
- Nog 'n oomblik is wanneer me. Maria Phehla die nadoodse verslag met Justice bespreek terwyl die ensemble Deborah omring en die lêers as fisiese verteenwoordiging van haar versmoring gebruik. Die lêers word dan gebruik om haar dooie liggaam te bedek.

3.5 3.5.1 **Nasieners moet holisties na antwoorde kyk en krediet gee vir goed gestaafde punte. Wat hieronder volg, is bloot 'n paar voorstelle. Nasieners kan 'n maksimum van 6 punte vir elke kolpunt toeken.**

Born Naked

Born Naked verken die konsep van geregtigheid deur die karakters en temas op 'n veelvlakkige manier, wat die stryd vir geregtigheid en aanvaarding vir LGBTQIA+-individue in Suid-Afrika beklemtoon. *Born Naked* bied nie 'n enkele definisie van geregtigheid nie. In plaas daarvan beeld dit die stryd om geregtigheid as veelvlakkig uit. Dit vier selfuitdrukking, verwyder vooroordeel, en dring aan op maatskaplike verandering om 'n wêreld te skep waar LGBTQIA+-individue veilig kan leef en hulself kan wees. Die toneelstuk eer die nagedagtenis van Thapelo Makhutle en gebruik sy storie om te pleit vir 'n toekoms waar sulke geweld nie sou gebeur nie.

Karakters:

- Queen Bling se selfvertroue en Blaq Widow se selfaanvaarding toon die belangrikheid daarvan dat individue getrou is aan hulself, 'n vorm van geregtigheid teen maatskaplike druk om te konformeer.
- Die kragtige band tussen Blaq Widow en Queen Bling beklemtoon die belangrikheid van gemeenskap en ondersteuning binne die LGBTQIA+ gemeenskap. Hierdie solidariteit is deurslaggewend in die stryd om geregtigheid.
- Die terugflitse van Queen Bling verteenwoordig 'n vreugdevolle en veerkragtige verlede, selfs in die lig van haar tragiese dood. Hierdie ontsnapping van die harde werklikheid beklemtoon die behoefte aan veilige ruimtes en selfuitdrukking vir LGBTQIA+-individue.

Temas:

- Afbreking van homofobie en transfobie: Vooroordeel word gedekonstrueer in Blaq Widow se direkte gehoorkonfrontasies, wat maatskaplike norme en vooroordele teen LGBTQIA+-mense uitdaag. Hierdie ongemak veroorsaak gesprek en nadenke, 'n stap na geregtigheid.
- Wedergeboorte en Verlossing: Queen Bling se krag en Blaq Widow se reis verteenwoordig veerkragtigheid in die aangesig van haat. Hulle "opkoms"

simboliseer 'n weiering om gedefinieer te word deur geweld en 'n stryd vir 'n beter toekoms.
- Die finale beeld van Queen Bling met die rooi kappie en goue skoenlapperkorset simboliseer transformasie en wedergeboorte. Dit dui daarop dat geregtigheid genesing kan behels en om sterker na vore te kom nadat hulle geweld in die gesig gestaar het.
- Verantwoordelikheid vir Verandering: Blaq Widow herinner die gehoor aan hul rol in die skep van 'n meer aanvaardende samelewing. Ware geregtigheid vereis kollektiewe optrede teen diskriminasie. Die drama lewer kritiek op die simboliek van die Suid-Afrikaanse vlag en beklemtoon die voortdurende stryd vir ware insluiting.

Ubu and the Truth Commission

Die konsep van geregtigheid word deur 'n satiriese lens ondersoek, wat die kompleksiteite en potensiële tekortkominge van die Waarheid- en-Versoeningskommissie (WVK) in Suid-Afrika uitlig. Die drama bied nie maklike antwoorde of 'n duidelike definisie van geregtigheid nie. In plaas daarvan gebruik dit satire om nadenke en bespreking uit te lok oor die uitdagings om vorige ongeregtighede te hanteer en ware versoening te bewerkstellig in 'n samelewing wat steeds met sy geskiedenis worstel.

Karakters:
- Pa Ubu verteenwoordig diegene wat voordeel getrek het uit apartheid en verantwoordbaarheid weerstaan. Sy pogings om die WVK-proses vir eie gewin te manipuleer, beklemtoon die uitdagings van geregtigheid wanneer oortreders nie berou het nie.
- Ma Ubu vergestalt diegene wat die WVK uitbuit vir persoonlike gewin of wraak. Haar fokus op materialistiese vergoeding ondermyn die proses se doelwit van genesing en versoening.
- Die Getuies se stories verteenwoordig die ware koste van onreg. Hul stryd om afsluiting te vind en die beperkings van die WVK om aandag aan hul behoeftes te gee, laat vrae ontstaan oor die doeltreffendheid van herstellende geregtigheid.

Temas:
- Die drama se absurdistiese elemente, soos Ubu se groteske karakter en klugtige situasies, spot met die WVK se tekortkominge. Die ontkoppeling tussen die kommissie se doelwitte en die realiteit van die bereiking van geregtigheid skep 'n gevoel van absurditeit.
- Selektiewe geheue en manipulasie: Ubu se pogings om geskiedenis te herskryf en Ma Ubu se fokus op persoonlike gewin beklemtoon hoe waarheid en versoening vir persoonlike agendas gemanipuleer kan word. Dit laat vrae ontstaan oor die moontlikheid van ware geregtigheid wanneer die waarheid self betwis word.
- Die grense van vergifnis: Die toneelstuk ondersoek die kompleksiteite van vergifnis. Terwyl die WVK na versoening gemik het, kan die slagoffers se ervarings opregte vergifnis moeilik maak. Dit laat die vraag ontstaan of geregtigheid daarsonder kan geskied.
- Onvervulde beloftes: Die toneelstuk stel voor dat die WVK se beloftes van waarheid en versoening dalk onvervuld kan bly. Die gebrek aan gevolge vir oortreders en die voortdurende sosiale ongelykhede laat die gehoor bevraagteken of ware geregtigheid geskied het.

IEB Copyright © 2024

Eclipsed

Die konsep van geregtigheid word deur die karakters en temas ondersoek op 'n manier wat die gebrek aan aanspreeklikheid vir die Life Esidimeni-tragedie kritiseer. *Eclipsed* skroom nie om die onreg van die Life Esidimeni-tragedie uit te beeld nie. Deur 'n stem aan die slagoffers en hul gesinne te gee, en die gebrek aan aanspreeklikheid te kritiseer, vra die drama vir optrede en dien as 'n herinnering aan die menslike koste wanneer geregtigheid nie geskied nie. Die toneelstuk se verbintenis met die jeugbeweging beklemtoon verder die hoop op verandering en 'n toekoms waar sulke tragedies voorkom kan word.

Karakters:

- Me. Maria Phehla: Deur haar word Deborah Phelha se aaklige verhaal vertel. Haar verhaal illustreer die menslike koste van die tragedie en die gebrek aan geregtigheid vir diegene wat hul lewens verloor het. Maria Phelha se verhaal van Deborah se heengaan verteenwoordig die 144 slagoffers wat gesterf het.
- Ensemble-rolverdeling: Hul bewegings in reaksie op die monoloog en hul finale val simboliseer die kollektiewe lyding en eis aanspreeklikheid.
- Akteur M (Melusi Molefe): Sy satiriese monoloog wat die president se reaksie kritiseer, beklemtoon die publiek se ontevredenheid met leë verskonings en die behoefte aan konkrete verandering.
- Me. Hannah Jacobus: Sy het vir dertig jaar in die Departement van Gesondheid gewerk, maar kon nie duidelikheid gee oor wie besluit het watter sentrums NRO-status vir die Marathon-projek sou kry nie. Sy beweer onkunde en verskaf eers na baie druk die naam Dr Manamela.

Temas:

- Korrupsie en verwaarlosing: Die toneelstuk ontbloot die regering se mislukkings wat tot die tragedie gelei het. Die ongeorganiseerde lêers simboliseer burokratiese chaos en die gebrek aan behoorlike sorg vir die pasiënte.
- Gebrek aan aanspreeklikheid: Die afwesigheid van strafbare aanklagte en die einde van die toneelstuk met geen arrestasies nie beklemtoon die eis vir geregtigheid.
- Geestesgesondheidskrisis: Die drama werp lig op die breër kwessie van geestesgesondheidsorg in Suid-Afrika, wat bygedra het tot die kwesbaarheid van die slagoffers.

IEB Copyright © 2024

AFDELING C SUID-AFRIKAANSE TEATER/FILM (NA 1994)

VRAAG 3 (B) SUID-AFRIKAANSE KONTEMPORÊRE FILM (NA 1994)

In hierdie vraag kan jy na EEN, TWEE of DRIE van die volgende films in jou antwoord verwys:

- ***District 9* onder regie van Neill Blomkamp OF/EN**
- ***Moffie* onder regie van Oliver Hermanus OF/EN**
- ***Barakat* onder regie van Amy Jephta**

3.1 **Elke antwoord moet op sy eie meriete hanteer word. Nasieners moet 1 punt per geldige punt toeken. Hieronder is 'n paar voorstelle.**

District 9

- Suid-Afrika se geskiedenis van apartheid en gedwonge verskuiwings skep 'n kragtige parallel met die film se storie.
- Verfilming in Suid-Afrika plaas die storie in 'n werklike konteks waar hierdie ongeregtighede plaasgevind het.
- *District 9* se uitbeelding van armoede, skaars hulpbronne en sosiale onrus resoneer met die sosio-ekonomiese werklikhede van Suid-Afrika.
- Die werklike liggings in Johannesburg dien as kragtige beeldmateriaal wat die film se sosiale kommentaar versterk.

Moffie

- Die storie is diep gewortel in die ervarings van gay mans gedurende apartheid in Suid-Afrika. Verfilming in Suid-Afrika vang die spesifieke sosiale en kulturele konteks van die tyd vas.
- Suid-Afrikaanse liggings, taal en kulturele verwysings dra alles by tot 'n sin van realisme wat kykers laat voel hulle is binne-in die wêreld wat Nicholas navigeer.
- Buiteopnames in Suid-Afrika se apartheid-era militêre kampe maak die uitbeelding van die brutaliteite en rigiede manlikheid wat Nicholas verdra tydens sy diensplig moontlik.
- Die egtheid van die omgewing maak dit vir die storie moontlik om die spesifisiteite van LGBTQIA+-ervarings onder apartheid te verken, terwyl dit ook kragtige kommentaar oor manlikheid, onderdrukking en die stryd om identiteit lewer.

Barakat

- Die taal, gebruike en tradisies kom almal as outentiek voor en bied aan kykers 'n venster na 'n spesifieke kulturele ervaring.
- Islam het 'n ryk geskiedenis in Suid-Afrika, en die Kaapse Moslem-gemeenskap is 'n unieke deel van daardie storie. Verfilming in Suid-Afrika stel die film in staat om hierdie spesifieke deel van Islam en sy plek binne die breër Suid-Afrikaanse identiteit te vier.
- Suid-Afrikaanse rolprente beeld die Kaapse Vlakte dikwels in 'n bepaalde lig uit. *Barakat*, wat buite verfilm is, wyk van hierdie stereotipes af deur 'n middelklas, tradisionele Moslem-gesin ten toon te stel. Dit daag kykers se vooropgestelde idees uit en bied 'n meer genuanseerde uitbeelding van die gemeenskap.
- Verfilming in plekke soos Athlone en Gatesville het waarskynlik die plaaslike gemeenskap betrek, wat 'n gevoel van eienaarskap en egtheid aan die film verleen het.

IEB Copyright © 2024

3.2 3.2.1 **Elke antwoord moet op sy eie meriete behandel word. Nasieners moet 1 punt per geldige punt toeken. Hieronder is bloot voorstelle en dek die impak van die *algemene* ligging van Suid-Afrika. Nasieners kan 'n maksimum van 4 punte vir elke kolpunt toeken.**

District 9

Boodskap en intensie:

- Die film trek sterk parallelle tussen die behandeling van die "garnale" in *District 9* en die ervarings van swart Suid-Afrikaners tydens apartheid. Segregasie, gedwonge verskuiwing en gebrek aan hulpbronne weerspieël almal die realiteite van daardie era. Dit moedig kykers aan om na te dink oor die ongeregtighede van die verlede en hul potensiële voortsetting in nuwe vorme.
- Die film beeld die vrees en vyandigheid teenoor die uitheemse vlugtelinge uit. Dit is 'n duidelike kritiek op xenofobie en vooroordeel teenoor diegene wat anders is. *District 9* noop kykers om te bevraagteken hoe maklik ons ander oordeel en uitsluit.
- Die film bou empatie op vir diegene wat uitgestoot of gemarginaliseer word. Ons sien hoe desperate omstandighede selfs goeie mense kan dwing om moeilike keuses te maak.
- Die rolprent beeld 'n siklus van geweld uit wat uit vrees en wantroue ontstaan. Dit voer aan dat die behandeling van buitestaanders met vyandigheid net tot verdere konflik lei.

Impak van die ligging:

- Die gesegregeerde lewensomstandighede van die "garnale" in *District 9* lyk sterk na die gedwonge verskuiwings en rassesegregasie wat swart Suid-Afrikaners onder apartheid ervaar het. Verfilming in Suid-Afrika plaas die storie in 'n werklike konteks waar hierdie ongeregtighede plaasgevind het, wat die film se kommentaar selfs kragtiger maak.
- Die voorkoms van die krotbuurte in *District 9* weerspieël direk die townships waarin baie swart Suid-Afrikaners gedurende apartheid gewoon het. Hierdie visuele verband help om die gaping tussen wetenskapfiksie en werklike sosiale kwessies te oorbrug.
- Die kwessies in die film vind aanklank by Suid-Afrika, 'n land wat selfs ná apartheid steeds met ongelykheid en armoede worstel. Verfilming daar het 'n laag egtheid verleen aan die storie en sy uitbeelding van 'n sukkelende samelewing.

Moffie

Boodskap en intensie:

- Dit delf in die stryd om identiteit onder 'n stelsel wat rigiede manlikheid afdwing en homoseksualiteit straf. Nicholas worstel met sy ware self terwyl hy gedwing word om aan die verwagtinge van die samelewing te voldoen. Die film beeld die emosionele tol van sulke onderdrukking uit.
- Die film beeld die brutale koste van apartheid uit, aangesien die militêre diens 'n mikrokosmos word van die brutaliteit en beheer wat inherent is aan die apartheidsregime.
- Die film bied nie 'n gelukkige einde nie. Nicholas se ervaring laat blywende letsels. Die film kan gesien word as 'n oproep om die voortdurende impak van apartheid op LGBTQIA+-individue te erken en om 'n meer inklusiewe Suid-Afrika te skep.

IEB Copyright © 2024

- Ten spyte van die harde realiteite, beeld Moffie ook die blywende krag van liefde en konneksie uit. Nicholas se verhouding met Dylan bied 'n sprankie hoop en uittarting teen die onderdrukkende stelsel.

Impak van die ligging:

- Apartheid het probeer om manlikheid op 'n spesifieke manier te beheer en te definieer. Verfilming in Suid-Afrika laat die storie toe om daardie ruimte te herwin en die narratief te herskryf. 'n Gay liefdesverhaal ontvou teen die agtergrond van 'n stelsel wat ontwerp is om heteronormatiwiteit af te dwing. Dit voeg 'n laag van uittarting by en daag die historiese magstrukture uit.
- Die film skram nie weg van die harde realiteite waarmee gay mans in Suid-Afrika te kampe het nie. Verfilming daar laat die storie deel wees van die land se voortdurende gesprek oor LGBTQIA+-regte en die nalatenskap van apartheid.
- Die keuse van Suid-Afrika as 'n plek maak dit moontlik dat die temas deel word van die nasionale dialoog en dra by tot 'n meer inklusiewe begrip van Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Barakat

Boodskap en intensie:

- Die film fokus op die viering en verkenning van die unieke identiteit van die Kaapse Moslem-gemeenskap in Suid-Afrika.
- As die eerste Afrikaanstalige Moslem-rolprent uit Suid-Afrika, beoog *Barakat* om die ryk kultuur en tradisies van die Kaapse Moslem-gemeenskap te vier. Deur hul taal, gebruike en gesinsdinamika te vertoon, bied die film 'n venster na 'n spesifieke kulturele ervaring wat dalk nie algemeen bekend is nie.
- Die film se titel, *Barakat*, beteken "seën" in Arabies. Daar kan geargumenteer word dat die verhaal die belangrikheid van familie, geloof en tradisie in die lewens van die karakters ondersoek. Hierdie waardes kan sentraal wees om die uitdagings van die lewe te navigeer en 'n sterk identiteitsgevoel te handhaaf.
- Deur op 'n spesifieke gemeenskap en sy storie te fokus, kan die film 'n gevoel van kulturele trots en behoort bevorder.

Impak van die ligging:

- Deur in die Wes-Kaap te verfilm, sal dit waarskynlik 'n dieper begrip en waardering vir die Kaapse Moslem-gemeenskap in Suid-Afrika skep.
- Suid-Afrikaanse rolprente beeld sekere gebiede soos die Kaapse Vlakte dikwels in 'n bepaalde lig uit. Die film daag hierdie stereotipes uit deur 'n middelklas, tradisionele Moslem-gesin te vertoon. Hierdie genuanseerde uitbeelding bied 'n meer volledige beeld van die gemeenskap.
- Verfilming in Suid-Afrika is 'n doelbewuste keuse wat die storie in 'n spesifieke kulturele konteks plaas.

IEB Copyright © 2024

3.2.2 **Kandidate moet DRIE geldige tegniese uitdagings verskaf wat die regisseur van hul gekose rolprent dalk in die gekose toneel in die gesig gestaar het. Nasieners moet enige geldige tegniese uitdaging en toekenning aanvaar. 1 punt per tegniese uitdaging. Hieronder is 'n gids van moontlike antwoorde.**

District 9

- Die film maak sterk staat op rekenaargegenereerde beelde om die uitheemse karakters en ruimteskepe te skep. Om hierdie effekte naatloos te integreer met die lewendige aksie-materiaal wat op die plek geskiet is, kan 'n ingewikkelde proses wees.
- Suid-Afrika se rolprentbedryf was in 2009 nog besig om te ontwikkel. Blomkamp het dalk te staan gekom voor beperkings in geredelik beskikbare gesofistikeerde toerusting of ervare spanne wat spesialiseer in visuele effekte.
- Om buiteopnames in Johannesburg te maak, het beteken om onvoorspelbare elemente soos weer, verkeersgeraas of beperkings op verfilming in sekere gebiede te hanteer.
- Die filmmontage-styl/beeldargiefmateriaal verweef dokumentêragtige tonele met aksie-opeenvolgings. Om 'n samehangende voorkoms te kry terwyl buiteopnames gemaak word en spesiale effekte te integreer kon 'n tegniese probleem wees.

Moffie

- Buiteopnames soos op militêre basisse of gevangenisse kon behels om spesiale toestemming te kry of om respekvolle gedrag te verseker terwyl op sensitiewe gronde verfilm word.
- Die film beeld Suid-Afrika in die 1980's uit. Die voorkoms en gevoel van daardie era word herleef wat 'n uitdaging kon wees. Om die toepaslike kostuums, rekwisiete en voertuie van daardie era te vind kon uitgebreide navorsing en opsporing daarvan behels.
- Suid-Afrikaanse onafhanklike films het dikwels knap begrotings. Die regisseur moes dalk kreatief wees om hoë produksiewaarde met beperkte hulpbronne te bereik.
- Suid-Afrika se klimaat kan wissel afhangende van die ligging. Onvoorspelbare weerstoestande soos reën of uitermatige hitte kon vertragings of gedwonge aanpassings aan die verfilmingskedule veroorsaak het.

Barakat

- Verfilming in werklike liggings soos moskees of gesinshuise bied 'n gevoel van egtheid, maar dit kan ook beperkings meebring. Ruimtes is moontlik nie vir verfilming ontwerp nie, wat kreatiewe oplossings vir beligting, klankopname of kameraplasing vereis.
- Onafhanklike films soos *Barakat* het dikwels kleiner spanne en knapper begrotings.
- Die film wat in Afrikaans is, voeg nog 'n laag kompleksiteit by. Om duidelike oudio-opname vir dialoog te verseker kon spesiale aandag aan plasing van die mikrofoon vereis het en ook klankdigting, veral in besige buiteliggings.
- Om akkurate uitbeelding van klere, godsdienspraktyke en selfs alledaagse voorwerpe te verseker, kon kulturele sensitiwiteit en nou samewerking met gemeenskapslede vereis het.

IEB Copyright © 2024

3.3 **Nasieners moet holisties na antwoorde kyk en krediet vir goed gestaafde punte gee. Wat hieronder volg is bloot voorstelle.**

District 9

- Blomkamp het dalk werkswinkels gereël of uitgebreide leesmateriaal oor Suid-Afrikaanse geskiedenis verskaf, veral oor die apartheidsera. Om die sosiale en politieke konteks te verstaan, sal die akteurs in staat stel om empatie te hê met die karakters se stryd.
- Besprekings of werkswinkels oor werklike voorbeelde van xenofobie en diskriminasie kan die akteurs help om die emosionele gewig van die film se temas te begryp.
- Improvisasie-oefeninge wat temas van vooroordeel, vrees en verskuiwing ondersoek, kan die akteurs in die karakters se skoene plaas en opregte emosies ontlok.
- Blomkamp het dalk konsultante ingebring wat vertroud is met die ervarings van vlugtelinge of gemarginaliseerde gemeenskappe. Hierdie konsultante kon leiding gegee het oor respekvolle verteenwoordiging en enige vrae of bekommernisse van die rolverdeling hanteer het.
- Vir akteurs wat die uitheemse karakters uitbeeld, kan inligtingsessies oor spesifieke kulturele praktyke of sosiale strukture binne die film se fiktiewe uitheemse ras 'n genuanseerde en geloofwaardige uitbeelding verseker.
- Samewerkende werkswinkels waar akteurs in hul karakters se agtergrondverhale, motiverings en emosionele reise delf, kan lei tot 'n dieper begrip en 'n meer genuanseerde uitbeelding.
- Blomkamp kon dalk die belangrikheid daarvan beklemtoon het om die film se temas met sensitiwiteit uit te beeld, dit vermy om stereotipes of die ervarings van werklike gemarginaliseerde groepe as onbelangrik af te maak.

Moffie

- Werkswinkels gelei deur advokate wat LGBTQIA+-regte op die hart dra of terapeute kon die akteurs 'n dieper begrip gegee het van die stryd wat homoseksuele mans onder apartheid in die gesig gestaar het. Dit kan 'n veilige ruimte skep vir oop gesprek en empatie vir die karakters kweek.
- Die verskaffing van historiese materiaal en moontlike besoeke aan die apartheidsera se militêre terreine kan die rolverdeling 'n eerstehandse blik bied op die harde werklikheid van die stelsel wat Nicholas verduur.
- Navorsing oor die ervarings van homoseksuele mans in apartheid Suid-Afrika, insluitend persoonlike verhale of dokumentêre films, kan die akteurs 'n dieper begrip gee van die spesifieke uitdagings wat hulle in die gesig gestaar het.
- Die ondersoek van die konsep van manlikheid onder apartheid kan die akteurs help om die druk wat Nicholas ondervind om te konformeer en die emosionele tol wat dit neem, te verstaan.
- Die ontwikkeling van gedetailleerde agtergrondstories vir elke karakter, insluitend hul motiverings en vrese, sal die akteurs in staat stel om 'n meer volledige prentjie te bou van wie hulle uitbeeld.
- Om sensitiwiteitslesers van die LGBTQIA+-gemeenskap die draaiboek te laat nagaan, kan enige potensiële kwessies of gebiede vir verbetering om die karakters eg/betroubaar uit te beeld, geïdentifiseer word.
- Konsultasie met LGBTQIA+-individue wat moontlik deur apartheid geleef het, kan waardevolle insigte bied en verseker dat die uitbeelding respekvol is en die voortsetting van negatiewe stereotipes vermy word.

IEB Copyright © 2024

Barakat

- Vroeë interaksie met lede van die Kaapse Moslem-gemeenskap sal deurslaggewend wees. Dit kan behels die hou van werkswinkels, die bywoning van gemeenskapsgeleenthede, of selfs om gemeenskapslede as adviseurs op stel te hê. Hul betrokkenheid kan 'n outentieke uitbeelding verseker en wanvoorstelling vermy.
- Werkswinkels gelei deur godsdiensleiers of kultuurkenners kan die akteurs 'n dieper begrip van Islamitiese gebruike, tradisies en die belangrikheid van geloof in die gemeenskap gee. Dit kweek respek vir die kulturele nuanses.
- Vir akteurs wat nie met Afrikaans vertroud is nie, sal uitgebreide taalafrigting deurslaggewend wees. Om die taal te verstaan, stel hulle in staat om hul reëls met korrekte uitspraak en kulturele verbuiging te lewer, wat egtheid by hul optredes voeg.
- Samewerking tussen kostuumontwerpers, stelontwerpers en lede van die Kaapse Moslemgemeenskap sal verseker dat klere, huishoudelike voorwerpe en selfs die dekor van liggings die gemeenskap se kulturele praktyke akkuraat weerspieël.
- Die regisseur kan 'n oop en respekvolle dialoog met die akteurs aanmoedig sodat akteurs vrae kan vra, bekommernisse kan uitspreek en die belangrikheid daarvan kan bespreek om die karakters met waardigheid uit te beeld en stereotipes te vermy.
- 'n Kultuurkonsultant kan op die stel teenwoordig wees om vrae te beantwoord, te verseker dat godsdienspraktyke akkuraat uitgebeeld word, en advies te gee oor nuanses van die Kaapse Moslem-leefwyse.

3.4 **Nasieners moet holisties na antwoorde kyk en krediet gee vir goed gestaafde punte. Nasieners moet 1 punt per geldige punt toeken. Hieronder is bloot voorstelle.**

District 9

- Die handkamerawerk en wankelrige nabyskote skep 'n dokumentêre gevoel. Dit dompel kykers in Wikus se ervaring en laat hulle voel dat hulle die gebeure eerstehands aanskou.
- Die kinematografie onderskei tussen die steriele wêreld van MNU en die chaotiese krotbuurte van *District 9*. Breë foto's van die Multi-National United (MNU)-hoofkwartier dra 'n gevoel van mag en beheer oor, terwyl vlakbyskote en deurmekaar ruimtes in *District 9* 'n gevoel van engtevrees en desperaatheid skep. Hierdie visuele kontras versterk die film se temas van sosiale ongelykheid en segregasie.
- Verskuiwing na wankelrige, uitheemse oogpunt tydens aksiereekse disoriënteer die kyker en laat hulle toe om die wêreld deur die oë van die bang uitheemse vlugtelinge te ervaar. Dit bou empatie vir hul lot.
- Nabyskote van wapens, liggame vol littekens en stampvol lewenstoestande beklemtoon die harde realiteite van die lewe in *District 9.* Hierdie besonderhede grond die rolprent se wetenskapfiksie-elemente in 'n herkenbare menslike ervaring.
- Soos Wikus transformeer, begin die kamerawerk die uitheemse perspektief weerspieël. Dit vervaag visueel die lyn tussen mens en ruimtewese, wat 'n verband suggereer en kykers se vooropgestelde idees uitdaag.
- Deur verskillende style te gebruik en op spesifieke elemente te fokus, dra die film effektief sy boodskap oor sosiale ongeregtigheid, vooroordeel en die belangrikheid van empatie oor.

IEB Copyright © 2024

Moffie

- Die gebruik van nabyskote en 'n handkamera plaas kykers dikwels ongemaklik naby aan Nicholas. Dit skep 'n gevoel van engtevrees, wat die emosionele versmoring weerspieël wat hy in militêre opleiding en onder die voortdurende bedreiging van ontdekking ervaar.
- Wye skote van die verlate oefenterreine en onvergewensgesinde woestynlandskappe beklemtoon die hardheid van Nicholas se omgewing. Dit versterk visueel die brutaliteit van die militêre stelsel en die fisiese uitdagings wat hy verduur.
- Die film gebruik dikwels beperkte oogpuntskote, wat dit wat kykers sien beperk tot wat Nicholas sien. Hierdie tegniek skep 'n gevoel van isolasie en dra sy interne stryd oor om 'n wêreld te navigeer wat hom nie aanvaar nie.
- Die gedempte en somber kleurpalet wat tydens opleiding gebruik word, staan in skrille kontras met die warmer kleure wat geassosieer word met oomblikke van verbintenis met Dylan. Hierdie visuele verskuiwing beklemtoon die emosionele impak van hierdie kort oomblikke van aanvaarding en voorspel die verlies van daardie warmte.
- Droomreekse en terugflitse gebruik dikwels 'n sagter fokus en droomagtige beligting. Dit onderskei hulle van die werklikheid en gee kykers 'n kykie in Nicholas se innerlike wêreld en onderdrukte begeertes.
- Die kinematografie beeld nie net gebeure uit nie; dit plaas kykers direk in Nicholas se skoene. Ons ervaar die fisiese en emosionele beperkings van sy situasie, bou empatie op vir sy stryd en beklemtoon die onderdrukkende aard van die wêreld wat hy bewoon.

Barakat

- Die gebruik van warm beligting en natuurlike kleure kan 'n gevoel van intimiteit en vertroudheid binne die Davids se huishouding skep. Hierdie verwelkomende visuele styl nooi kykers na hul gesinslewe en bevorder 'n verbintenis met die karakters.
- Nabyskote van tradisionele kleredrag, gedeelde maaltye en godsdienstige praktyke wys die kulturele nuanses van die Kaapse Moslem-gemeenskap. Hierdie besonderhede verryk die rolprent se wêreldbou en bied aan kykers 'n venster na 'n spesifieke kulturele ervaring.
- Wye skote van bedrywige markte of gemeenskapsbyeenkomste dra 'n gevoel van behoort en samehorigheid binne die Kaapse Moslem-gemeenskap oor. Hierdie visuele element beklemtoon die belangrikheid van familie en gemeenskap in die karakters se lewens.
- Die kinematografie gebruik kontrasterende tone na gelang van die situasie. Warm tone tydens vreugdevolle gesinsmomente maak plek vir koeler tone wanneer Aisha uitdagings in die gesig staar wat verband hou met haar besluit. Hierdie visuele verskuiwing onderstreep die emosionele reis van die karakters.

3.5 3.5.1 **Nasieners moet holisties na antwoorde kyk en krediet gee vir goed gestaafde punte. Wat hieronder volg, is bloot 'n paar voorstelle. Nasieners kan 'n maksimum van 6 punte vir elke kolpunt toeken.**

District 9

Die film daag kykers uit om hul eie vooroordele te ondersoek en die verwoestende gevolge van vooroordeel op beide die onderdrukker en die onderdrukte te oorweeg. Die rolprent se sentrale konflik – segregasie van die uitheemse "garnale" in *District 9* – is direk parallel met die gedwonge segregasie van swart Suid-Afrikaners onder apartheid. Dit skep 'n duidelike

verband tussen die fiktiewe vooroordeel en 'n werklike voorbeeld, wat dit meer trefkrag gee. Die film beeld die vooroordeel uit deur die voortdurende gebruik van neerhalende terme soos "garnale" om na die vreemdelinge te verwys. Dit beklemtoon hoe vooroordeel dikwels die ontmensliking van die "ander" behels om diskriminasie te regverdig.

Karakters:

- Wikus, die hooffiguur, vergestalt aanvanklik menslike vooroordeel jeens die vreemdelinge. Soos hy egter self in een verander, ervaar hy eerstehands diskriminasie. Hierdie verskuiwing stel kykers in staat om vooroordeel van beide kante te sien en die verwoestende gevolge daarvan te verstaan.
- Die vreemdelinge word aanvanklik as 'n bedreiging uitgebeeld, maar wanneer ons hulle in hul kampe sien, is hulle kwesbaar, ondervoed en leef hulle in haglike omstandighede. Die kyker kan empatie vir hulle voel, en hulle lyk meer soos slagoffers. Die tekens wat sê "Net Mense" is simbolies van die vooroordeel wat mense vir die vreemdelinge het en hoe daar teen die vreemdelinge gediskrimineer word.
- Die MNU-korporasie wat die vreemdelinge beheer, verteenwoordig 'n stelsel wat op vooroordeel gebou is. Hul optrede, van gedwonge verskuiwing tot die wapen van die vreemdelinge, demonstreer die geweld en uitbuiting wat uit vooroordeel kan voortspruit.

Temas:

- Apartheid/Rassisme: Die analogie tussen die mense en die "garnale" eggo die dae van apartheid, waar vooroordeel en die gruwelike behandeling van anderskleuriges in die wet van die land ingebou is. Spore van ou-styl apartheidsinteraksie verskyn in Wikus se verhouding met Thomas, sy swart lewensmaat.
- Xenofobie in die vorm van spesiesisme: Die geroeste, afgeleefde landskapontwerp waarin die karakters van die "garnale" bestaan, dui op 'n omgewing van verwaarlosing en verval. Daar is geen gevoel van groenigheid nie en die hele toneelontwerp word 'n simbool van hoe die mensdom die "garnale" behandel – dit laat ons bevraagteken en herevalueer hoe ons samelewing buitestanders behandel.
- Die kringloop van geweld: Vooroordeel kweek geweld. Die film beeld uit hoe die onderdrukkende behandeling van die vreemdelinge tot desperaatheid en rebellie lei, wat die vernietigende aard van vooroordeel beklemtoon.
- Die tema van burokrasie en korporatiewe hebsug werp lig op die negatiewe gevolge van die regering se ondoeltreffendheid en die meedoënlose strewe na wins ten koste van kwesbare bevolkings. Een van die mees treffende voorbeelde van burokrasie en korporatiewe hebsug word verteenwoordig deur die optrede van die MNU. Die MNU se bedrywighede in *District 9* word uitsluitlik deur winsmotiewe gedryf. Die maatskappy stel daarin belang om die uitheemse tegnologie vir militêre en kommersiële doeleindes in te span, en hulle beskou die "garnale" as blote kommoditeite om uitgebuit te word.

IEB Copyright © 2024

Moffie

Die film delf in die kompleksiteite van vooroordeel deur sy verkenning van seksualiteit, samelewingsverwagtinge en die brutaliteit van 'n stelsel wat op konformiteit gebou is. Dit beeld die harde realiteite van vooroordeel teen homoseksuele individue onder apartheid uit. Deur Nicholas se reis ontbloot die film die emosionele en sielkundige skade wat veroorsaak word deur 'n stelsel wat konformiteit afdwing en diegene wat van die norm afwyk, straf. Die verkenning van toksiese manlikheid en geïnternaliseerde onderdrukking voeg diepte by die storie, wat wys hoe vooroordeel binne 'n samelewing en binne jouself kan manifesteer.

Karakters:

- Nicholas van der Swart, die protagonis, vergestalt ervaring om verstoot te word omdat hy nie aan die rigiede verwagtinge van manlikheid voldoen nie. Sy stryd om 'n homofobiese omgewing te navigeer, beklemtoon die maatskaplike vooroordeel teen homoseksualiteit. Vir die Christen-nasionalistiese heersers is hy net soveel van 'n bedreiging as die swart weerstandsvegters wat naamlose, gesiglose vyande is wat in die film uitgeroei moet word.
- Sersant Brand verteenwoordig die afdwinger van die onderdrukkende stelsel. Sy gewelddadige homofobie en konstante verkleinering van Nicholas wys die wreedheid en magsdinamika wat inherent is aan vooroordeel.
- Nicholas se kort oomblikke van verbintenis met Dylan bied 'n blik op aanvaarding en daag die idee uit dat almal binne die sisteem vooroordeel voortsit. Dit voeg 'n laag nuanse by die verkenning van vooroordeel.

Temas:

- Toksiese manlikheid: Die film beeld die weermag uit as 'n teelaarde vir 'n rigiede en onverdraagsame vorm van manlikheid. Hierdie omgewing onderdruk Nicholas se identiteit en versterk die idee dat enigiets anders onaanvaarbaar is.
- Vrees en skaamte: Vooroordeel spruit dikwels uit vrees vir die onbekende. Die rolprent ondersoek hoe sosiale homofobie vrees en skaamte by Nicholas kweek, wat hom verhinder om sy ware self uit te druk.
- Geïnternaliseerde onderdrukking: Die voortdurende bedreiging van blootstelling en geweld dwing Nicholas om sy ware self te onderdruk. Hierdie interne stryd beklemtoon die sielkundige tol van die lewe onder 'n stelsel van vooroordeel.
- Verlies van onskuld: Nicholas se ervaring in die weermag stroop hom van sy onskuld. Die brutaliteit en voortdurende bedreiging van geweld beklemtoon die vernietigende impak van vooroordeel op individue.

Barakat

Die film ondersoek die konsep van vooroordeel op 'n meer subtiele manier. Deur die Kaapse Moslemgemeenskap en hul kulturele identiteit te vier, kan dit vooropgestelde idees subtiel uitdaag en begrip bevorder. Dit fokus op positiewe verteenwoordiging en gemeenskapskrag, wat kragtige instrumente kan wees om vooroordeel op die langtermyn te bekamp.

IEB Copyright © 2024

Karakters:

- Zunaid is die oudste van vier seuns, 'n konserwatiewe man wat aan sy wortels probeer vasklou terwyl hy midde-in 'n morsige (en private) skeiding van Ra-eesah, sy vrou van twintig jaar, is. 'n Siedende konflik met sy broer Zaid, oor die nalatenskap van sy pa se familiebesigheid, het Zunaid met 'n permanente wrok gelaat wat sy vooroordeel verklap. Zunaid verberg sy weiering om te vergewe agter sy vroom toewyding aan Islam.
- Ra-eesah is Zunaid se lankmoedige vrou van twintig jaar. Hulle het jare lank afsonderlike lewens gelei, maar bly steeds in dieselfde huis om tred te hou met die druk van hul konserwatiewe gemeenskap. Sy staar toenemende druk in die gesig om haar huweliksprobleme geheim te hou, wat eskaleer wanneer sy gedwing word om 'n langnaweek deur te bring om voorwendsels onder die oë van die skoonfamilie te hou.
- Zaid het nog altyd gevoel dat hy in sy ouer broer Zunaid se skadu leef. Na 'n diep verraad toe Zunaid die familiebesigheid verkoop het, het hy sy bes probeer om so ver weg te bly van sy ouer broer en sy nederige Kaapse Vlakte-opvoeding. Zaid, 'n konstruksiemagnaat en ambisieuse sakeman van Johannesburg, word verlei deur die verlokking van sukses en het vir homself 'n nuwe lewe gebou in 'n ander sosiale kring waar hy kan uitgaan en assosieer met wie hy wil.

Temas:

- Sibbewedywering: Aisha se vier seuns het elkeen hul eie pad ná hul pa se dood gevolg. Zaid is die suksesvolle sakeman in Johannesburg, Zunaid die angstige professor, Yaseen die oënskynlik eerlike getroude man, en Nur die pierewaaier. Met hul pa se skaduwee wat nog dreig, is nie een van hulle gereed om Albertus te aanvaar nie; die gesinshereniging laat weer onderliggende spanning tussen hulle ook opnuut opvlam. Onenigheid oor hul pa se sake-aangeleenthede het voortslepende onenigheid tussen die broers veroorsaak.
- Geslagsvooroordeel: Nur kan self vrylik rondslaap, maar sy sosiale verwagtinge word uiters konserwatief wanneer dit by sy ma kom.
- Ouerverwagtinge: Aisha wil weer met 'n Christenman trou, maar haar seuns toon hul vooroordeel aangesien sy dit moeilik vind om hul goedkeuring te kry omdat hulle steeds treur oor die verlies van hul pa.

3.5.2 **Nasieners moet krediet gee vir goed gemotiveerde punte. 'n Maksimum van 4 punte kan toegeken word vir die identifisering van redigeringstegnieke binne hul gekose film. Kandidate moet die redigeringstegnieke aan die konsep van vooroordeel koppel.**

Kandidaat identifiseer redigeringstegnieke soos klankredigering, oorgange, snitte, kontinuïteitsredigering, parallelle redigering, terugflitse, ens. akkuraat.	3–4 punte
Kandidaat verduidelik akkuraat hoe die redigeerkeuses oomblikke van vooroordeel beklemtoon.	2–3 punte

Totaal: 120 punte

IEB Copyright © 2024